DIE LOTHAR NEETHLING-DEBAKEL

vye

weekblad

9 DESEMBER 1993 - 13 JANUARIE 1994
R5,00

onafhanklik • onverbonde • onverskrokke

'n Einde...
en 'n begin

ISSN 1015-9649



Give a more stimulating gift this Christmas:

PUBLISHERS' CHOICE

A selection of the country's finest literature.

Available from Exclusive Books, The Bookworm and Pilgrims.

EXCLUSIVE BOOKS

HUNT LASCARIS TBWA 310030

TWEEDE REEKS Nº 13

inhoud

Die einde van 'n gebeurtenisvolle jaar - traumaties, maar ook vol hoop.

Aan die einde van 1993 word die vryheid van die pers 'n geweldige slag toegedien toe die appèlhof uitspraak teen *Vrye Weekblad* lewer in die "gifsaak" wat aanvanklik in die Randse Hooggeregshof deur regter Kriegler teen **Lothar Neethling** beslis is. Op **p 4** ontleed Max du Preez die aard en gevolge van die uitspraak.

Die regering wat Nelson Mandela sal moet lei, word op **p 6** deur die politieke wetenskaplike Willie Breytenbach onder die loep gebring en op **p 10** lewer generaal **Tienie Groenewald** aan Ina van der Linde bestekopname van die Vryheidsalliansie se onderhandelingspogings.

Hoe lyk die hart van die volk? Louis Kirstein en fotograaf Sally Shorkend reis deur **Wes-Transvaal** en ontmoet sy mense op **p 12.**

Op **p 20** loop Martie Meiring 'n draai deur **1993** met sy hoogtepunte, sy drama, sy skinder en die grootste internasionale momente.

William Pretorius dek die boeketafel op **p 36** met Breyten Breytenbach, Carl Niehaus en 'n handvol **bekendes se boekekeuses van die jaar.**

Christi van der Westhuizen kyk terug op die wel en wee van **Grunge** op **p 41**, ook na **poptoere** en **die jaar van die dollar in films** en op **p 48** kyk Louis Kirstein terug op die jaar se sportmomente. Nettie Pikeur maak reg vir die oujaar op Montagu op **p 50**, en Henry Nolte en Sophia Meyer drink en eet op **p 51** terwyl **Brolloks** op **p 52** heelwat te sê het.

Maar die laaste sê **(p 54)** is dié van 'n hoopvolle prof **Sampie Terreblanche** vir 'n ekonomie wat deeglik reggestel gaan word.

Vrye Weekblad wens al sy lesers 'n geseënde Kersfees en 'n gelukkige en voorspoedige Nuwejaar toe. Die volgende *Vrye Weekblad* sal op 13 Januarie 1994 op straat verskyn.

REDAKTEUR
MAX DU PREEZ

MEDE-REDAKTEURS
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

KOPIEREDAKTEUR
JOHANNES BRUWER

ONTWERP
ANTON SASSENBERG

BOEKEREDAKTEUR
WILLIAM PRETORIUS

FOTOREDAKTEUR
SALLY SHORKEND

VERSLAGGEWERS
LOUIS KIRSTEIN
ESMA ANDERSON
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL

ADVERTENSIEBESTUURDER
ELIZE VILJOEN

FINANSIËLE BESTUURDER
MARK BEARE

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER
JOEY FLEETWOOD

REDAKSIE-ASSISTENT
NARIKE LINTVELT

KANTOOR-ASSISTENTE
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/40168/06) van Carolinestraat 91, Brixton. Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113, die telefoonnommer is **(011) 837-7017** en die faksnommer **837-3567.** Die Pretoria-kantoor se nommer is **(012) 83-4879** en die faksnommer is **83-2181**

Advertensies (Kaapstad)
Henri Coetzee
(tel) 021 966 460
(fax) 021 968 787

VRYE WEEKBLAD WORD GEDRUK DEUR PROMEDIA-PUBLIKASIES, MARKSTRAAT 324, WALTLOO, PRETORIA

Nou't jy nie regtig meer die reg om te weet nie

As Suid-Afrika ooit gehoop het dat die regbank die vryheid van sy burgers gaan verdedig, dan het die hoop bitterlik beskaam met die Appèlhof se uitspraak oor die Lothar Neethling-gifsaak, skryf MAX DU PREEZ, in die hofstukke ook bekend as Eerste Respondent

DAAR sal 'n wet moet kom wat persvryheid spesifiek waarborg en uitspel, of 'n klinkklare bepaling in die Handves van Menseregte wat in die Grondwet verskans word.

Want solank die uitspraak deur Appèlregters Corbett, Hoexter, Nestadt, Nienaber en Nicholas in die Neethling-saak die presedent bly wat deur howe nagevolg moet word, gaan die publiek die reg ontsê word om behoorlik deur die media ingelig te word oor wat werklik in die openbare lewe aangaan.

Onder só 'n uitspraak sou die onthulling van die Inligting-skandaal, die vrotmelkkubus-skandaal, die toilette-in-die-veldskandaal, die BSB-skandes, Inkathagate, die ANC se martelkampe, die Goniwe-debakel en al die onlangse oopvlekkings van korrupsie en wandade in die staatsdiens, die tuislande en die veiligheidsmagte óf onmoontlik gewees het, óf so afgewater moes gewees het dat dit geen effek gehad het nie.

As só 'n regime in Amerika gegeld het, sou daar nooit 'n Watergate gewees het nie, sou Richard Nixon president gebly het en sou die geskiedenis van dié moondheid heel anders verloop het.

Die Appèlhof se Neethling-uitspraak draai die wiel vér terug en gooi verskeie belangrike hofbeslissings oor die media se reg om oor openbare sake verslag te doen, omver. Om die waarheid te sê, regter Hoexter, wat die uitspraak geskryf het, gaan vir regverdiging van sy standpunt tagtig jaar terug na wat lord Shaw in die Privy Council in die saak Arnold v The King Emperor gesê het.

Aan die hart van die hele saak lê die kwessie of die media die reg het om oor sake, debatte en beweringe van openbare belang te berig sonder die volledige regsverantwoordelikheid om dit waar te bewys.

Die vyf regters kon nie bepaal of kaptein Dirk Coetzee gelieg het toe hy vertel het dat Neethling aan hom gif gegee het om ANC-aktiviste te vermoor nie, en of Neethling gelieg het toe hy dit ontken het nie. (Sien berig hiernaas.) In sy afsonderlike verslag sê Hoofregter Corbett die saak was "one of those relatively rare cases where the probabilities are evenly balanced" en "it is not possible to say with any degree of confidence who was telling the truth".

Vrye Weekblad en *Weekly Mail* se standpunt was dat publikasie in elk geval toelaatbaar was, omdat die openbare belang swaarder moes weeg en die beweringe van só 'n besondere openbare belang was - beweringe van staatsgesteunde moorde op van sy onderdane.

Regter Johan Kriegler het in sy Hooggeregshof-uitspraak bevind dat *Vrye Weekblad* daarin geslaag het om met 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys dat sy berigte waar was, en dat die *Weekly Mail*, wat oor dié berigte in 'n eie berig verslag gedoen het, ook geregtig was om dit te plaas omdat "die aard en strekking van Coetzee se bewerings, gesien teen die agtergrond van die wydlopende en voortslepende debat rondom bewerings van magmisbruik tot op hoë vlak deur lede van die veiligheidsmagte, sodanig was dat die Suid-Afrikaanse publiek geregtig was om daaroor ingelig te word. Die inligting was só belangrik dat dit die reg en belang van die pers om dit te publiseer en van die lesende publiek om dit te verneem die individu se reg om nie te na gekom te word nie, moet verdring..."

Regter Hoexter het dié bevindings verwerp, en sommer vorige sake waarin die openbare belang ter sake gekom het, herinterpreteer sodat daar van die verweer van openbare belang en die idee van beperkte media-privilegie nou minder oor is as ooit tevore.

Die regter het ook die argument verwerp dat die berigte oor die polisie se moordbendes só belangrik was en Neethling só 'n senior posisie beklee het, dat 'n verwysing na staatsinstellings nie sou gehelp het nie en dat publikasie die enigste uitweg was. Hy sê die koerante kon na ander senior polisieoffisiere gegaan het, of selfs na die minister.

Koerantredakteurs weet natuurlik dit is 'n onsinnige argument. *VWB* het verlede

Só sê ander

Sunday Times: Media lawyers say this week's Appellate Division judgment in the General Lothar Neethling case has nailed down the lid so tightly that the only hope for press freedom now lies with the new Constitutional Court and bill of rights. The lawyers say they are devastated and that the decision reflects a fundamental inability to grasp the role of the media in a modern society. They call it the most serious blow to press freedom since the state of emergency.

Prof John Burchell van Natal-universiteit: Dit is ontstellend dat die Appèlhof regter Kriegler se argumentering verwerp wat die reg benadruk van die publiek om ingelig te word. Die Appèlhof het strenger kriteria neergelê vir die pers om na te kom voordat hulle inligting wat selfs van kritieke belang vir die publiek is, publiseer.

Business Day: Newspapers and other media cannot be exempted from the responsibility for what they publish. But the standards set yesterday by the Appeal Court, in a case involving deep public interest, could torpedo the media's watchdog role in a New South Africa, where it will be required no less than in the old.

Zwelakhe Sisulu, redakteur van **Sunday Nation**: The judgement certainly reinforced the perception of a judicial system that is caught up in rigid legalism that obstinately refuses to take into account the context we lived in, and in many instances, continue to live in. The pronouncements such as those made by Mr Justice Hoexter take this country back to a past it is desperately trying to rid itself.



jaar 'n berig gehad oor ernstige vergrype deur die veiligheidspolisie, maar toe dit na die kommissaris vir kommentaar verwys is, het die polisie 'n hofinterdik gekry wat VWB verbied het om 'n woord daaroor te sê. Daar is verskeie sulke voorbeelde.

En *VWB* het natuurlik baie deeglik geweet dat Neethling se seniors presies geweet het van die praktyke by Vlakplaas, hoofkantoor van die moordbendes. Wat sou dit help om hulle kommentaar te vra? En as hulle dit doodgewoon ontken het, soos hulle én die regering dit tot vandag toe doen, moes die hele verhaal toe net daar begrawe gewees het?

In sy verwerping van regter Kriegler se standpunt, haal Hoexter sy mederegter op dieselfde bank, hoofregter Corbett, aan in 'n onlangse kontroversiële saak tussen die *Financial Mail* en Sage Holdings, waarin hy onder meer sê die media verwar maklik eiebelang met openbare belang, en wil boonop verkope bevorder.

Corbett sê in sy verslag in die Neethling-uitspraak: "I, too, am satisfied that the true position in our law is that a defendant who relies on the defence of truth and public benefit bears the full onus of proving that the defamatory statements are substantially correct."

Nou moet ons almal maar net hoop die toekomstige Grondwetlike Hof word gevul met regters wat 'n groter begrip het vir die basiese werking van die demokrasie in Suid-Afrika, van die media en van die huidige politieke houdings en debatte.

Of ons kan maar almal na *Loving* en *Egoli* begin kyk - en die intellektuele na CNN, solank hulle niks oor Suid-Afrika beeldsaai nie.

Hy't gemoor, so hy móét lieg

DIE twee belangrikste getuies in die Neethling-saak was Dirk Coetzee, gewese bevelvoerder van die SAP se moordbendes by Vlakplaas, en genl Lothar Neethling, gewese hoof van die SAP se forensiese afdeling wat altesame R1,5 miljoen weens laster geëis het omdat hy ontken dat hy ooit enigiets met gif te doen gehad het wat bedoel was om regeringsteenstanders te vergiftig.

Regter Johan Kriegler het in die Hooggeregshof bevind dat Coetzee waarskynlik die waarheid praat, en dat Neethling hom en die Harms-kommissie probeer mislei het.

Die regters van die Appèlhof het nie saamgestem nie, al het hulle nooit vir Neethling voor hulle sien getuig soos regter Kriegler nie. Hoofregter Corbett sê in sy spesiale verslag saam met die uitspraak dat hul stories "mutually destructive" is, en dat "it is not possible to say with confidence who was telling the truth."

Dit is duidelik uit die uitspraak van 255 bladsye dat regter Hoexter, wat die uitspraak geskryf het, gesukkel het om by Coetzee se lewe as rogue-polisieman en moordenaar verby te kom en hom oor enigiets te glo. Hy verwys herhaaldelik na hom as 'n "self-erkende moordenaar en dief".

Coetzee self het ná die uitspraak só hieroor gereageer: "Wat die regter in effek sê, is dat 'n mens nie Jeffrey Dahmer se erkennings oor sy moorde kan glo nie, want hy is 'n self-erkende moordenaar. Hy mis die punt dat niemand wat by Vlakplaas betrokke was, 'n engeltjie kon gewees het nie. Ek het gelieg en gemoor in opdrag, en juis omdat ek 'n polisieman was. In die grootste deel van my getuienis inkrimineer ek myself, want ek praat oor moorde en diefstalle wat ek self gepleeg het."

Coetzee sê hy het "geen twyfel nie" dat sy weergawe van die hele saak "binnekort nog as heeltemal waar bewys sal word".

DIE REDAKSIE van Vrye Weekblad het die dag ná die Appèlhof se uitspraak só gereageer:

Ons dink die uitspraak is 'n slag vir persvryheid en gaan die geloofwaardigheid van die regstelsel verder ondermyn. Dit is nou die tweede keer (die eerste was die Harmskommissie) dat die regstelsel daarin gefaal het om die bestaan van die polisie se destydse moordbendes te bevestig - al wéét miljoene Suid-Afrikaners dit het bestaan.

Ons staan by ons oorspronklike berig. Ons het verskeie maande gelede reeds met 'n nuwe ondersoek na die Forensiese Laboratorium begin ná nuwe inligting ons bereik het, en ons sal dié ondersoek nou verskerp.

Die feit dat die hof nie vir genl Neethling van alle blaam onthef het nie, maar bloot gesê het dit is nie duidelik wie die waarheid praat nie, beteken sekerlik dat daar genoegsame prima facie-getuienis bestaan wat 'n kriminele ondersoek na Neethling se gedrag en die praktyke by die Forensiese Laboratorium regverdig.

As die staat gaan aandui dat só 'n ondersoek nie gedoen gaan word nie, sal Vrye Weekblad dit oorweeg om 'n private vervolging in te stel.

Die uitspraak sal nie die voortgesette publikasie van Vrye Weekblad beïnvloed nie, en ons sal ons beslis nie geïntimideer laat voel om ons reguit styl van onafhanklike ondersoekende joernalistiek te laat vaar nie.

Die uitspraak wys duidelik op die gevare van 'n praktyk waar staatsamptenare belastingbetalers se geld en die howe kan gebruik om die media stil te maak of te intimideer.

Dit is bitter jammer dat die Appèlhof nie dié unieke geleentheid aangegryp het om die beginsel van oorweldigende openbare belang in ons regstelsel te verskans nie.

Die deur is nou wawyd oopgegooi vir staatsamptenare, politici en openbare figure om media-belangstelling in hul openbare doen en late deur middel van die hof te onderdruk.

Redakteurs sal voortaan nooit weet of hulle beweringe en debatte van nasionale belang durf publiseer voordat 'n hof 'n uitspraak oor die feite en interpretering daarvan gegee het nie.

Deur die toets van oorweldigende openbare belang by die venster uit te gooi, het die Appèlhof die reg van kiesers en belastingbetalers om volledig oor die staat en sy aktiwiteite ingelig te word, ernstig ondermyn.



Waar staan

Watter soort Suid-Afrika sal President Mandela moet regeer? **PROF WILLIE BREYTENBACH,** politieke wetenskaplike van die Universtiteit van Stellenbosch, skets die moontlikhede wat die naaste toekoms vir die land inhou

DIE laaste dag van die "Ou" Suid-Afrika was 30 November. Sedert 1 Desember word Suid-Afrika nie meer deur witmense alleen regeer nie. Sedert verlede Woensdag, toe die Uitvoerende Oorgangsraad in werking getree het - waarin ook verteenwoordigers van die voormalige "struggle"- partye prominent figureer - het Suid-Afrika by die einde van die begin van magsdeling uitgekom.

Indien die April-verkiesing wel op die aangewese datum plaasvind - die kans vir uitstel is baie groot, nie soseer vanweë geweld nie (wat verder sal toeneem), maar omdat die administrasie van die voorbereidings vir die verkiesing (ook vanweë onderhandelings met die Vryheidsalliansie) moontlik nog nie afgerond sal wees nie - sal ons by die begin van die einde van wit monopolie wees. Dit sal egter nie deur magsmonopolie vir die ANC vervang word nie, al wen hulle die verkiesings.

Eers ná April 1999 (wanneer die veelparty-kabinet sal ophou funksioneer), sal ons regtig weet waar ons staan wat die magspolitiek van "Nuwe" Suid-Afrika betref. Dit is dan dat die "moeder van alle verkiesings" sal plaasvind.

Op pad na 1999 sal vier stelle faktore egter ons transisie bepaal. Dit is ook die soort Suid-Afrika wat President Mandela sal moet regeer. Daar is "goeie" en "slegte" faktore wat sal bepaal of dit die "high road" of die "low road" sal wees. Die voorlopige prognose is egter glad nie sleg nie.

Federaal of nie?

'n Kernvraag is of die oorgangsgrondwet federaal is of nie. Die antwoord is ja en nee. Ja dit is, want daar is min genoeg sake waaroor die sentrale regering eksklusiewe magte beskik, en genoeg sake waaroor die provinsies medeseggenskap sal hê. Nee dit is nie, want die provinsies beskik nie oor selfstandige finansiering- en belastingbasisse nie en weinige alleenseggenskap. Dit maak van Suid-Afrika 'n gesentraliseerde federasie, soos Kanada. Maar verdere toevoegings van eksklusiewe streeksmagte soos dié waarvoor die Vryheidsalliansie vra, sal federalisme versterk.

Dit is egter twyfelagtig of enige provinsie, behalwe die PWV-provinsie, ooit ekonomies selfstandig kan wees. Die res, selfs die Wes-Kaap en Oos-Transvaal - wat die lewensvatbaarste is - kan nie klaarkom sonder die PWV-gans wat die goue fiskale eiers lê nie. Daarom is sprake van sesessie van Natal/KwaZulu 'n klug.

Die jaar 1994 sal bekendstaan as die jaar wat Suid-Afrika weer ten volle by die wêreld daar buite aangesluit het. Die implikasies hiervan is werklik opwindend.

Die resultate hiervan kan as 'n driedubbele stel dividende beskou word:

- Die "vredesdividend" wat op die verkrummeling van die Oosblok gevolg het, is die eerste dividend. Dié dividende betaal reeds uit, en in die vorm van talle nuwe bilaterale diplomatieke, handels-

ons?

en kulturele kontakte wat tussen Suid-Afrika en voormalige Oosblokstate gesmee word, veral met die Russiese Federasie.

- Dan volg die "De Klerk-dividend", wat beslag gevind het in die Westerse wêreld se belonings vir die hervormings sedert 1990 wat op die afskaffing van apartheid uitgeloop het. Byvoorbeeld, die Europese Gemeenskap, oud-president George Bush, die huidige Amerikaanse regering en selfs die Statebond het almal reeds van middel-1991 begin om sanksies op te hef. Al sou die ANC dit kon veto, is dit krediet wat op De Klerk se rekening geplaas moet word.
  Die skouspelagtigste aspek hiervan is die hertoetrede tot wêreldsport - rugby, krieket, atletiek, sokker. In Mandela se regeringstydperk vind byvoorbeeld die Rugby Wêreldbekerkompetisie in Suid-Afrika plaas. Die ingrypendste is egter die opheffing van handelsanksies wêreldwyd; en die herstel van ons toegang tot die IMF, die Wêreldbank en die AOTH (Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel - die sg Gatt). Dit het in die De Klerk-tydperk plaasgevind.
  Al ding waarvoor ons hier sal moet katvoet loop, is om nie oorhaastig finansiële lenings aan te gaan waaraan lastige voorwaardes gekoppel is nie, soos dié van die Internasionale Monetêre Fonds. Dié Fonds se (trekrekord) in ander ontwikkelende state, soos in Afrika, is glad nie goed nie.
  Daarom moet die IMF liefs maar 'n finansiële instelling van sogenaamde "laaste uitweg" wees.
- In die onlangse tye het 'n derde dividend bygekom: die "Mandela-dividend", wat veral betrekking het op betrekkinge met die Suide. Dit volg op die "onomkeerbaarheid" van die demokratiseringsproses.
  Dié dividend sal eers ná 27 April 1994 (of wanneer die verkiesing plaasvind) ten volle begin uitbetaal. Dit behels lidmaatskap van die Organisasie vir Eenheid in Afrika, die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeeskap ("SADC"), hertoelating tot VN-agentskappe, en nuwe diplomatieke bande, sakegeleenthede en akademiese en tegniese samewerking met state wat voorheen noue bande met die ANC gehandhaaf het, soos Indië, Kuba, China en Ethiopië.
  Van die state is of was kommunisties. In Suid-Afrika self is onsekerheid oor die SA Kommunisteparty en sy rol in die regerende koalisie. Soos talle ander Suid-Afrikaners is ek ook ongemaklik oor die ANC se alliansie met die SAKP. Maar die regses se histerie hieroor is onvanpas.
  Die SAKP is doodeenvoudig nie so gevaarlik as wat die regses wil wysmaak nie. Die gevaarlikstes onder hulle is Ronnie Kasrils en sy mense wat 'n jaar gelede nog geglo het aan die Leipzig-opsie, oftewel die fisieke omverwerping van die regerings van Ciskei, Bophuthatswana en uiteindelik die Pretoria-regering. Maar ná die Bisho-debakel is dié faksie duidelik op die agtergrond geskuif. Selfs Kasrils praat vandag 'n ander taal. Hierteenoor het Joe Slovo en sy mense - "die onderhandelaars" aan die regtervleuel van die SAKP - sterk na vore getree. Hulle is Suid-Afrika se "Euro-kommuniste", mense wat met markbeginsels, gereelde demokratiese verkiesings en vrye kerke kan saamleef.

Patrone van geweld

Dit bring ons dan by die negatiewe faktore soos geweld en lae groei.

Die belangrikste oorsake van geweld skyn sosio-ekonomiese oorsake te hê, soos hoë werkloosheid en lae groei. Dit vervaag die skeidslyn tussen gewelddadige misdaad en politieke geweld. Ná die verkiesing behoort politieke geweld, veral wat swart-

Ná die verkiesing behoort politieke geweld, **veral wat swartmense betref,** af te neem. Maar regse geweld kan toeneem.

mense betref, af te neem. Maar regse geweld kan toeneem.

Hoewel daar onsekerhede oor geweld is, is die patrone wat politieke geweld aanneem heel duidelik.

Dit is eerstens 'n streeksverskynsel met swart-op-swart geweld die prominentste, wat hoofsaaklik in die Oos-Rand en Natal afspeel. Dit lyk asof hier 'n Zoeloe-faktor kan wees, want in Natal is die slagting Zoeloe-op-Zoeloe ('n Inkatha/ANC-verdeling), aan die Rand is dit inter-etnies, met hoofsaaklik (Inkatha) Zoeloes en die (ANC) Xhosas wat mekaar aanvat. Alle partye is egter skuldig.

Maar omdat Inkatha-mense in Natal die grootste getal slagoffers uitmaak, moet die ANC die grootste blaam dra wat negatief reflekteer op hulle leierskap, veral in Natal. Maar dan is daar die Randse patroon. Dié patroon wat oënskynlik met die sg "Derde Mag" gekoppel is, wat weer 'n anti-ANC fokus het.

Ander geweldsfaktore het betrekking op die moontlikheid van 'n militêre staatsgreep, wat daagliks onwaarskynliker word. Hoewel elemente in die SA Weermag, spesifiek Kommandolede op die platteland, onrustig sal wees oor MK-lede in die staande mag, is daar van muitery kwalik sprake.

Dan is daar die regses wat dreig met burgeroorlog: sekere Afrikaners en Noord-Natalse Zoeloes teen die res. Maar as dié ooit werklikheid sou word, sal dit 'n Transvaalse en Zoeloelandse verskynsel wees. En solank as wat daar nie 'n breukspul tussen die polisie en "Nuwe" Suid-Afrika, of tussen konserwatiewe plattelandse kommando's en die nuwe Nasionale Verdedigingsmag is nie, is dié gebeurlikheid ook uiters skraal. Mandela en Constand Viljoen sal dit verhoed. Méér nog, Mandela sal die SAW en die SAP nodig hê om stabiliteit ná 27 April te verseker.

Die grootste probleem is egter 'n regse revolusie, spesifiek wit verset - soos sabotasie, terreur en sluipmoorde. Dit is 'n groot bedreiging vir die nuwe regering. Ultraregses, oud-Oosblokkers, wit rassiste, supremasiste en supernasionaliste is die voedingsbron vir so 'n bedreiging.

Die belangrikste téénmiddels vir so 'n versetpatroon is egter reeds in plek: 'n billike politieke skikking, provinsiale outonomie, 'n sinvolle integrasie van die TBVC-weermagte en MK by die SAW, 'n onafhanklike regbank, en die feit dat die grond- en eiendomsregte van gewone mense nie bedreig word nie.

Dit is waarskynlik die grootste vrees onder die witmense.

En ek sal my laaste Kanonkop verwed dat die ANC nooit met 'n Mosambiek-styl onteieningsbeleid vorendag sal kom nie. Indien wel, sou ek 'n Allesverloren op die spel geplaas het.

Geldsake

Dit bring my by die laaste faktor: die ekonomie.

Die goeie nuus, is dat die reëls van die spel basies markgedrewe sal bly. Die enigste intervensionistiese beleidsake op die agenda is regstellende aksie (slegs tydelik), nuwe vorms van belasting (byvoorbeeld verhoogde boedelbelasting en verhoogde BTW; maar nie ondraaglike maatskappye- en/of persoonlike belastings nie), en antimonopolie wetgewing, wat in elk geval die ekonomie meer mededingend sal maak.

Die sakesektor is buitendien nie uitgesny van beleidmaking nie. Die nuwe makroekonomiese "trilateralisme" tussen die sakesektor, die vakbonde en die regering, wat in die talle Forums uiting vind, sal bly voortbestaan.

Die "enkel-aangeleentheid" Forums, soos die Behuising- en Elektrisiteitsforums, sal waarskynlik geleidelik ná 27 April ontbind word, maar nie die Nasionale Ekonomiese Forum nie.

Dié soort korporatisme wat die sakesektor 'n stem in beleidmaking waarborg (dieselfde geld die vakbonde), het gekom om te bly. Hulle moet net leer om minder te praat en vinniger by dinge soos werkskepping uit te kom.

Dit is 'n nuwe dinamiek wat hier in Suid-Afrika ontstaan het en wat regstreeks spruit uit die pakt-gedrewe skikkingspolitiek wat die merkwaardighede van die Kemptonparkproses opgelewer het.

Die wêreld se finansiële polisieman, die Internasionale Monetêre Fonds, asook die voorste nywerheidsdemokrasieë in die Weste (die VSA en lede van die Europese Gemeenskap) sal in elk geval wil toesien dat die één werklike potensiële suksesverhaal naas Botswana en Namibië - Suid-Afrika - nie vir Afrika verlore gaan nie.






Moeilike tye

Maar in Suid-Afrika self, sal die oorgangsproses steeds vol turbulensie wees. Dit is Mandela se grootste uitdaging.

Dit beteken die moeilikste tyd vir die ANC lê nog voor, want hy sal die "Afrikaner-probleem" die "Zoeloeprobleem", die PAC-gedrewe probleem van die radikale "black left" en moontlik nog 'n "Cosatu-probleem" ook moet beredder, namate die vakbond en die nuwe regering op konfrontasie afstuur.

Daarom sal die ANC nie probeer om Suid-Afrika alleen te regeer nie: hy kán ook nie, want die kapasiteit ontbreek. Die sake-sektor (ook deel van die Forumprosesse), die kern van die burokrasie (veiligheidsmagte inkluis), en selfs die Nasionale Party, sal nog vir lank steunpilare van die staatstelsel bly. Dit spel "gedeelde verantwoordelikheid" vir 'n lang tyd. Wat die ANC-alliansie sal bybring, is méér kleur en legitimiteit.

Dit is daarom nie in die ANC se belang dat die Nasionale Party voortydig in duie stort nie. Die NP beskik oor die beste "regime-bande" wat vir die ANC onontbeerlik vir doeltreffende regering sal wees. Net so min is dit in die belang van die behoudende sektore in Suid-Afrika dat die ANC minder as 50 persent in die verkiesing behaal - want gebeur dit, kan dit aan die PAC die geleentheid bied om by die agterdeur in te glip en 'n ANC-koalisievennoot te

Ons moet maar duim vashou dat Inkatha nié die verkiesing in die Natal/KwaZulu provinsie verloor nie - want indien wel, sit ons met 'n Savimbi-opsie.

word (binne 'n soort Patriotiese Front), wat onsekerheid weer van voor af sal opblaas - versugtinge van "too ghastly to contemplate".

Die aansprake van die Vryheidsalliansie dat hulle die tweede sterkste blok is, is nie (nog nie) waar nie, want die NP is sterker as Inkatha. De Klerk het ook meer steun as Buthelezi, wat weer meer steun het as generaal Viljoen, wat weer ver voor óf Mangope óf Terreblanche is. Rowan Cronje het geen magsbasis nie, maar as die stem van "redelike regsheid" sal nog baie van hom gehoor word, veral as daar verdere federale toegewings kom.

Maar dié prentjie kan nog dramaties verander voor 27 April.

Net so moet ons maar duim vashou dat Inkatha nié die verkiesing in die Natal/KwaZulu provinsie verloor nie - want indien wel, sit ons met 'n Savimbi-opsie. Dit is onwaarskynlik dat Ulundi sal aanvaar dat Inkatha nie die pyp gerook het nie. Maar in 'n post-Buthelezi-bedeling sal Natalse politiek ook ingrypend verander, en sal Zoeloes met 'n eenvormiger stem aan die Suid-Afrikaanse politiek deelneem.

Die "Afrikanerprobleem" sal wentel rondom grondregte, territoriale selfbeskikking, die status van Pretoria en waar die toekomstige Afrikaner-hartland moet wees. Ek het my geld altyd op die Noordweste en die Noord-Kaap, d.w.s. iets soos Boshoff se Orania, gesit. Maar met Viljoen en die Volksfront wat Pretoria en Oos-Transvaal 'n nuwe brandpunt gemaak het, vervaag Orania as Afrikanerland, behalwe dat Viljoen-hulle se planne vreeslik gekompliseerd is. Boshoff s'n bly die maklikste.

Stabiele demokrasie?

Suid-Afrika moet in elk geval nog bewys dat 'n onstabiele oorgang met lae groei en hoë etnisiteit in 'n ontwikkelende staat in 'n stabiele demokrasie omgeskep kan word. So nie, sal Suid-Afrika weldra by 'n post-apartheid bestel uitkom, maar al hoe meer op outoritêre metodes moet terugval om stabiliteit te verseker.

Dalk is dit onvermydelik. Maar niemand sal kan sê die mense by Kemptonpark het nie probeer nie. Dit is egter belangriker as ooit dat die ekonomie herstel - anders gaan almal swaarkry en alle skuld op "Nuwe" Suid-Afrika pak. Eers dan is disintegrasie 'n moontlikheid. Maar dit is 'n nagmerrie wat redelike mense sal wil verhoed.




'miskien moet ons maar weer 40 jaar woestyn toe'

Moses staan op die berg. Nou moet die volk net terugkom van die verkeerde pad, sê genl Tienie Groenewald, onderhandelaar van die Afrikaner Volksfront aan **INA VAN DER LINDE**

"DIE AFRIKANER hou nie van swak leiers nie", sê genl Tienie Groenewald, stigterslid en een van die onderhandelaars van die Afrikaner Volksfront (AVF). "Die oomblik wat 'n leier 'n swakheid toon soos om toegewings te maak, of selfs deur beroerte te kry soos PW Botha, verloor hulle vertroue in hom." En wat vir die Afrikaner geld, geld volgens Groenewald ook vir die Zoeloe. Die afgelope weke was dit juis hierdie standpunt waarmee die AVF en die Vryheidsalliansie (VA) hulle nou stewig in 'n hoek vasgeverf het: die vrees om 'n swaktetjie te toon deur vir enigiets minder as hul verklaarde minimum vereistes te skik.

Na 'n onderhoud met Groenewald, wat woorde gebruik soos " 'n ontsettende deurbraak", en "ek het vir die eerste keer hoop op 'n vreedsame oplossing vir die land", is dit moeilik om te glo dat die resultate van die onderhandelinge so weinig is.

Terwyl Groenewald bly seur oor sake soos die verkiesingsdatum en die "haas" waarmee die Uitvoerende Oorgangsraad ingestel word, is die indruk dat die VA vrek lus is vir verkiesing hou.

Berekende raaiwerk is dat hulle tot op die laaste oomblik gaan wag om bekend te maak of hulle die verkiesing gaan veg. Intussen gaan hulle die rol speel van die groot pretbederwer, die manne "met die wil wat so vas soos 'n klipsteen staan", en gaan hulle hul eie "oorgangstrukture" oprig en hulle sommer in die algemeen hardekwas hou.

HY, SOOS CONSTAND Viljoen, is die regses se gesig van gematigdheid, hoflikheid en redelikheid - die antitese van die gewapende rampokkers in kakieklere. Maar die politieke deurbraak vir die VA, sê Groenewald, sou nooit gekom het as die AWB nie die World Trade Centre bestorm en beset het nie. By naskoue was dit die keerpunt vir die regses.

"Die ANC-leierskap het ons nooit gesien as 'n bedreiging nie - tot op daardie dag. Toe het hulle vir die eerste keer vrees ervaar en gesien ons het 'n sterk magsbasis.

"Cyril Ramaphosa het vir Joe Modise gebel en gesê 'aktiveer MK'. Joe Modise wil toe weet watter MK? Net daar het hulle besef hulle het beperkte mag. Vandag besef ons dit was noodsaaklik dat die AWB die WTC bestorm het. Ek het geen beswaar teen die besetting van die WTC nie, of teen die feit dat hulle 'n venster gebreek het nie. Ek het wel beswaar teen die wyse waarop dit gedoen is. Ek blameer die leierskap van die organisasie vir die gebrek aan dissipline oor hul lede."

Dis die soldaat aan die woord. En met reg kan hy met 'n mate van tevredenheid terugkyk oor die afgelope sewe maande. Met die "militêre junta" het hulle 'n groot mate van regse eenheid bewerkstellig en onder die vaandel van die AVF nuwe hoop geblaas in 'n gedemotiveerde, ongeordende en versplinterde regse politieke groeperinge.

"Ons het daarin geslaag om die Afrikanervolk wakker te maak. Die volk was verslae, het op die ashoop gaan sit soos ná die Tweede Vryheidsoorlog. Ons het vir mense nuwe hoop gegee."

En met die slim taktiese set om 'n bondgenootskap met bedreigde tuislandleiers aan te knoop, kan hulle moontlik selfs daarin slaag om die NP van die troon te stoot en hul eie vise-president te benoem. Dié sal heel moontlik Mangosuthu Buthelezi wees, sê Groenewald. "Hoekom nie? Ons stel in elk geval nie in die sentrale regering belang nie, maar in die magte van die volkstaat."

Groenewald maak daarop aanspraak dat die AVF deur middel van dissiplinêre stappe 'n einde gebring het aan baie van die gewelddadige optredes van groepies en enkelinge. "As ons vandag kyk na sogenaamde regse geweld, is dit 'n fraksie van wat dit ses maande gelede was. Daar het orde gekom," sê hy.

"Ons het beweeg van 'n vennootskap van Afrikaners na 'n alliansie wat nie-rassisties gebonde is nie, maar gevestig is op die beginsel van etnisiteit. Dit is 'n bedeling gegrond op selfbeskikking en mnr Mandela en mnr De Klerk erken albei dat daar geen permanente oplossing is sonder die VA nie.

"Ons het besef ons kan net as volk selfbeskikking opeis indien ons voldoen aan internasionale maatstawwe oor menseregte. Ons is in 'n evolusionêre fase en sal met verloop van tyd 'n kultuur-etniese groep, 'n volk word. Dit sal mense van alle tale en selfs kleure insluit en absorbeer. Maar dit sal eers kom wanneer die persepsie dat die Afrikaner bedreig word, verdwyn. Dit sal eers kom met ekonomiese groei en voorspoed. Dan eers raak 'n groep meer liberaal in denke en baie meer toegeeflik."

TWEE VAN DIE belangrikste sake waaroor nog beding moet word, is die kwessie van die grense van die "volkstaat"/provinsie, en die kwessie van burgerskap van so 'n streek. Waar die regering gekom het met voorstelle dat die Noordwes-streek moet dien as Afrikaner volkstaat, is dit glad nie wat die AVF wil hê nie.

"Afrikaners deur die hele land wil deel wees van die volkstaat. In die Noordwes-streek bly net 12 persent van Afrikaners. Ons houding is dat 'n volkstemming gehou moet word om oor die grense te besluit.

"Ons weet die kerngebied vir Afrikaners lê in die gebied wat strek van Oos-Transvaal, Pretoria, 'n gedeelte van die Bosveld, die Noordweste en Wes-Transvaal."

Genl Tienie Groenewald... "Daar het orde gekom." Foto: Sally Shorkend

Hulle is taamlik tevrede met vordering oor artikel 118, wat handel oor die funksies en magte van provinsies (streke). Dit kom daarop neer dat sommige provinsies minder magte sal aanvaar as ander. "Ons is bereid om selfvoorsienend te wees, terwyl die Zoeloes dalk steeds staatshulp sal wil ontvang." Dit bring weer artikel 121 in gedrang, wat handel oor die belasting wat elke provinsie mag hef. Ook verskille op die vlak is nog nie opgeklaar nie.

MAAR VAN DIE grootste probleme lê op die vlak van die burgerskap van 'n provinsie. Groenewald sê dit "lyk dit asof daar 'n mate van diskriminasie nodig sal wees om te verseker dat die Afrikaner in die meerderheid bly". Die probleem is wanneer daar ekonomiese groei plaasvind in 'n staat, sal daar 'n toestroming van ander groepe na die gebied wees. Binne 'n ommesientjie sal die Afrikaner weer 'n minderheid wees in sy eie gebied.

Daar is verskeie voorstelle, maar hy self glo dat terwyl almal vir die sentrale regering mag stem, daar op die tweede vlak van regering, naamlik streke, "burgerskapgrense" afgebaken moet word. Dit beteken dat net burgers van 'n sekere "volkstaat" vir tweedevlak-regering mag stem. Op plaaslike vlak verwerp hulle gesamentlike rade. Elke volksgroep moet stem vir die stadsrade waar hulle woon. Dié voorstelle blyk heeltemal onaanvaarbaar te wees vir die ANC en die regering.

Groenewald kap beweringe dat die "oorgangsraad" wat die AVF so pas gestig het, neerkom op 'n eensydige onafhanklikheidsverklaring. Dit is net 'n beplanningsliggaam, wat aandag gee aan 19 belangegroepe wat strek van onderwys tot by die weermag. Maar dit beteken ook as die wettig verkose regering afstand doen van gesag, moet 'n alternatiewe regering vir die Afrikaner beplan word. "Dis die begin van 'n bepaalde proses, 'n tydelike liggaam as daar skielik 'n krisis opduik."

GROENEWALD PRAAT enige moontlikheid van 'n gewapende oorname dood. "Dit sal net gebeur wanneer daar 'n toestand van totale onregeerbaarheid heers en wanneer alle staatsgesag in duie stort. Op die oomblik konsentreer ons al ons energie op onderhandeling.

"Mense praat baie, maar die totaliteit van ons energie is gerig op onderhandeling. As daardie deure toegemaak word, moet ons weer dink. Maar ons wil nooit 'n situasie sien waar besluit word op optrede waar ons die eerste skoot moet skiet nie. Nooit nie. Nooit nie."

Oor die "tien plae" waarmee Ferdi Hartzenberg gedreig het en wat op 9 Desember sou begin indien die AVF nie hul sin by die onderhandelingstafel kry nie, sê hy: "Natuurlik doen ons gebeurlikheidsbeplanning op verskillende gebiede. Maar die tydperk van 9 Desember af, en veral 16 Desember, is 'n dag van verootmoediging voor God. Ons wil in opregtheid op ons knieë gaan en vra na die wil van God. Daar is selfs sprake van 'n nuwe gelofte."

DIE AFGELOPE PAAR maande het hy geleer hoe langer onderhandel word, hoe groter die wedersydse begrip en hoe beter die kans om 'n oplossing te kry. "Ons is nou eers werklik in 'n situasie waar ons opreg met mekaar praat, maar die probleem is dat ons in die hoek geverf is met datums. Ons staan op die rand van 'n groot deurbraak, maar daar is by alle politieke leiers 'n gebrek aan staatsmanskap. Dit geld vir politieke leiers regoor die spektrum.

"Soms dink ek ons is soos die volk van Israel wat uit Egipte die woestyn ingetrek het en terwyl Moses op die berg besig was om die gebooie te ontvang, het die volk alreeds weer 'n verkeerde pad ingeslaan. Die gevolg was dat die volk wéér 40 jaar die woestyn ingestuur is. Miskien moet ons ook eers weer 40 jaar woestyn toe gaan. Ek hoop nie dis die geval nie."

die land die son nie op almal skyn nie

Twintig Wes-Transvaalse dorpe het vroeër vanjaar op Ottosdal 'n mandaat aan die leier van die Konserwatiewe Party, dr Ferdi Hartzenberg, gegee om hulle in die Volkstaat te voeg. **LOUIS KIRSTEIN** en fotograaf **SALLY SHORKEND** het op tien van dié dorpe gaan kyk hoe die beoogde Volkstaat lyk - en ontdek dat al die mans nie met lang baarde en haelgewere rondloop nie.

Hulle het ook ontdek dat baie van die oorlogspraatjies ná die reën tydelik op die agtergrond geskuif is terwyl daar volstoom gewerk word om die lande om te ploeg.

waar

SOWAT 25 kilometer anderkant Potchefstroom op die R26 verklap die Marethaskag in die kaal veld dat daar 'n dorp naby is.

Wat dit nie verklap nie, is dat dit die poort na die Volkstaat is.

Stilfontein, 'n paar jaar gelede nog 'n bedrywige myndorp met drie myne, is vandag 'n stil dorpie met baie ou mense. Net die skagtorings herinner aan die jare van rykdom en voorspoed.

Stilfontein se toekoms word deesdae meer uit die Perth-gebou in die hartjie van die dorp as in die dorpsraad se kantore bepaal. Hier, in kamer 103, werk Eddie Marais en sy kamerade van die Afrikaner Volksfront aan 'n toekoms sonder Klerksdorp - hul groòtste, maar Nasionalistiese buurdorp. Want, reken dié kenners, dit is vir Stilfontein heel moontlik om sonder Klerksdorp se stadstatus die mas ekonomies op te kom.

Marais praat soos 'n strateeg. "Klerksdorp kan jou niks wys nie," sê hy. "Alles wat daar bestee word, kom van die myn en boeregemeenskappe."

Daar word darem ook 'n agterdeur oopgehou. "Ons sal nie in isolasie bestaan nie - dís die etiket wat die NP aan ons hang. Ons sal saam met ons mede Afrikaner-patriotte in vrede met ons bure leef," sê Marais.

Wanneer hy van Klerksdorp se stadsraad praat, gebruik hy woorde soos kommuniste en verraaiers. Hulle heul mos met die ANC.

Net vir ingeval die "Groot Ideaal" nie uitwerk nie, het die Red Roses-eiendomsagentskap in die kantoor neffens die AVF talle huise in Alberton

Twee werkers met besems: Biesiesvlei ... waar 'n man werk, hande in die sakke.

beskikbaar vir dié wat wil hervestig.

Nadat ons 'n bietjie gesels het, besluit die AVF-verteenwoordigers hulle wil nie 'n formele onderhoud voer nie.

Hou die fonteine wit

'n Blok van die AVF se kantoor is die Three Fountains Hotel, met 'n NP-man in beheer en oop vir alle rasse - 'n doring in die konserwatiewe dorpsraad se vlees.

NAP Esterhuizen, die eienaar, sê hy begryp nie die optrede waarmee die stadsraad teen sy hotel dreig nie. Sedert hy die hotel oorgeneem het, is daar al soveel verbeterings aangebring dat die Three Fountains weer reisigers trek wat daar wil oornag.

"Toe die hotel nèt blank was," sê hy, "wou niemand dit ondersteun nie. Toe ek dit oorgeneem het, wás dit reeds 'n 'oop' hotel. Ek het die verbeterings aangebring en dit weer ordentlik gemaak.".

Maar op 'n spesiale raadsvergadering het die dorpsraad besluit te veel wit meisies bied hul "dienste" aan vir die swartes wat daar drink. Dringende stappe moet teen die hotel gedoen word, is besluit. Wat dié stappe is, is nog nie duidelik nie. Dat die dorpsraad hom wil toemaak, word tussen die lyne gelees.

Van die hotel is dit 'n paar minute se stap tot by die kantoor van die plaaslike koerant, *Stilfontein in en om die dorp*. Die redakteur, Henk Kruger, vertel beskeie dat hy en die dorpsraad weens politieke verskille en 'n boel ander dinge, lankal nie meer om dieselfde vuur sit nie.

Ook vir Kruger, wat sowat twee jaar gelede met sy eenmankoerantjie begin het, het die volkstaters nie ooghare nie. Hy is die een wat samewerking met die township se stadsraad, Khuma, bepleit. Hy is ook die enigste een wat in die openbaar sê Stilfontein het nog nie veel van die beloofde nywerhede en ontwikkelings gekry nie. 'n Teer punt waarop daar toe geen antwoorde verkry kon word nie.

Weg met die 'plakkers'

Om die volkstaat blank en die inwoners veilig te hou, moet ontslae geraak word van die sowat honderd plakkergesinne, 'n kilometer uit Stilfontein.

Al werk hulle op 5-skag - reg langs hul huise - meen die dorpsraad hulle is 'n gevaar vir die dorp en sy inwoners.

Nou moet die plakkers verskuif word na Khuma, meer as tien kilometer anderkant die dorp. Van hulle bly al jare langs die skag. Al taal wat hulle kan praat, is Fanagalo, die mynmengsel van verskillende swart tale en Engels.

Hulle kom van Transkei, Lesotho, Mosambiek en Swaziland. Werk heeltyds vir die myn en pla niemand nie.

Isaac Siyoko, 30, is al een wat Afrikaans en Engels kan verstaan.

Van probleme tussen die plakkers en die inwoners weet hy nie - ook nie van die dorpsraad se planne om almal te hervestig nie.

"Niemand het vir ons gesê ons moet trek nie," sê hy.

Hyperama van ou mense

In Klerksdorp, Noordwes-Transvaal se enigste stad, is die sakeman en burgemeester Steve du Toit se kantoor in die Saambougebou in Boomstraat op die vloer net bo die twee wat hy aan die ANC verhuur.

Hy glo nie Klerksdorp sal 'n spookdorp word wanneer Stilfontein besluit om hul koopkrag te onttrek nie. "Daar woon maar sowat 15 000 blankes in Stilfontein. Selfs in Khuma - wat klein is - woon daar amper 40 000 mense.

"Die tyd van die mishoop-sindroom is verby. Hoe groter 'n stadsraad is, hoe beter," sê Du Toit, wat ook Khuma se administrateur is.

"Klerksdorp is seker 80 persent onafhanklik van sy buurdorpe. Stilfontein kan hom nooit van ons losmaak nie. Hulle is dan besig om 'n hyperama van ou mense daar te vestig. Daar is min ekonomiese lewenskragtigheid in so 'n dorp."

Van buite KP, van binne NP

Die hand van vriendskap

Van Stilfontein af is dit so 70 kilometer tot op Ventersdorp, die hoofdorp èn laer van "Die Leier" en sy AWB-kommando. Net voor Die Leier se laer draai die pad gelukkig links na Lichtenburg en Coligny. So 'n uur se ry verder.

Lichtenburg is 'n dorp wat verdeel is tussen die Volkstaat-regses en dié wat die hand van vriendskap wil neem wat deur die Boikhutso-inwoners uitgesteek word.

Op die oomblik wen die Volkstaters nog, maar die Boikhutso-inwoners het saam met verskeie sakemanne en kerkgroepe die Lichtenburgforum gevorm - 'n soort drukgroep en probleemoplosser. Die probleem is net dat die dorpsraad nie met die forum wil praat nie. Hulle sê die forum het nog nie vir hulle 'n "agenda" gegee nie.

Die forum se fasiliteerder, Jan Badenhorst, het die behoefte vir 'n gespreksforum verlede jaar met 'n verbruikersboikot raakgesien.

"Almal het skade gely en daar was oral spanning," sê Badenhorst, die personeelbestuurder by 'n sementfabriek. " 'n Gespreksforum is byeengebring en die mense het met mekaar begin praat. Die verbruikersboikot is ná ses weke afgelas. Ander dorpe s'n het vir agtien maande aangehou."

Die forum het nou so gevorder dat sewe subkomitees gestig is om verskeie belange van Lichtenburg se inwoners te ondersoek. "Die mense in Kaapstad en Johannesburg gaan nie die dinge vir ons hier uitwerk nie," sê Badenhorst, "ons moet dit self doen."

Hulle struggle begin nou

Vir Koos Rampine, voorsitter van die civics in Boikhutso en van die forum se subkomitee vir kommunikasie, is die uiteinde van alles op Lichtenburg baie duidelik.

"Ons is almal deel van 'n ander Suid-Afrika. Ons sal uiteindelik bymekaar moet uitkom," sê hy. "Ek dink net hulle is bang vir die realiteite en te bewus van die waarheid dat enigiets wat met apartheid te doen het nie 'n toekoms het nie." Maar, sê Rampine, "almal op Lichtenburg is nie so nie. Ek dink daar is baie oulike mense op Lichtenburg wat graag 'n toekoms vir ons almal wil hê. Hulle is deel van die Lichtenburg-forum.

"Maar die stadsraad dink hy praat met die ANC as hy met die forum praat, en dit is nie waar nie. Ná April se

'n Ornie met 'n hoed: gebrei deur die genadelose son.

verkiesing sal dit nie meer vir ons nodig wees om te struggle nie. Ons het ons vryheid van gelyke regte en voordele bereik. Maar hulle (die konserwatiewes se) struggle begin nou. Vryheid het 'n duisend betekenisse," sê Rampine.

Een kookpot? Aikôna!

Dié filosofiese opmerking vind 'n ironiese weerklank in die burgemeester van Lichtenburg, Jan Lourens, se woorde. "Lichtenburg se mense (dit is nou die blankes) het hulle bereid verklaar om deel van 'n Volkstaat te wees en nie onder 'n ANC/SAKP-regering te dien nie.

"Ek is nie teen onderhandeling nie, maar daar moet eers gevestigde regte wees voor daar onderhandel kan word. Maar dinge het te vinnig in een rigting gevorder," sê hy.

"Daar kon dan selfs samesprekinge gewees het oor 'n kleiner grondgebied - maar om almal in een kookpot te gooi gaan nie werk nie."

Is daar baie oorlogspraatjies in die omgewing? wil ek weet. "Ja, veral op grondvlak," sê Lourens. "Ek dink die mense is, soos die volkslied vra, bereid om te sterwe vir hul land."

En hy? "Ek sal verkies dat daar nie oorlog kom nie. Maar as dit gaan oor die beskerming van die gebied, sál ek."

Selfs al word die gebied nie erken nie? "As dit nie erken word nie, sê Lourens, "is daar ander metodes, hoewel die meeste al uitgeput is. As dit gaan oor vryheid en voortbestaan sal ons veg."

Wonder hy ooit of hy met die regte ding besig is? Daar is so 'n effense huiwering voor hy sê dat hy "redelik seker" is.

Aan die einde van die onderhoud wonder ek of Lourens praat soos die Party hom voorsê en of hy in sy hart oortuig is van die saak.

Reg en regs

Op pad na Schweizer-Reneke stop ek vlugtig by Biesiesvlei Handelshuis, een van twee algemene handelaars in die dorp.

Die res van die dorp bestaan uit 'n Indiër-winkel, 'n polisiekantoor, 'n poskantoor, 'n kerk en die leë skool. Omdat die grond vir die skool deur die boere aan die Transvaalse Onderwysdepartement geleen is, word dit nie vir die Itekeng township se kinders gegee nie.

Wilhelm Koenig, teen sy sin neef van Roelf Meyer en voormalige redakteur van die Welkomse koerant *Vista*, besit die Handelshuis.

"My hart is reg en regs," sê hy toe ek hom begin pols oor sy verhouding met sy bekende neef. As ingeskrewe lid van die AWB, sê Koenig, is hy reg vir oorlog. Dié is ons grond, vertel hy terwyl ons tussen die rakke videobande staan wat sy handelshuis ook verhuur. Nuwe uitreikings word met 'n plakkertjie aangedui. Dit is vreemde titels vir 'n konserwatiewe gemeenskap wat strenger sensuur bepleit en weer in die ossewatydperk wil leef.

Die leeu van Wes-Transvaal, genl Koos de la Rey, hou 'n wakende oog oor Lichtenburg.

Waarom het hy die koerantwese gelos? Hy lag. "Ek moes binne tien minute besluit of ek wil aanbly as redakteur en of ek eerder 'n winkel op Wolwepan, so 'n paar kilometer van Biesiesvlei, wil koop. Ek het toe maar die winkel gekoop en later die winkel hier gekoop. Ek kom werk toe soos ek wil en dit is lekker," sê Koenig in sy kortbroek en plakkies.

Johan Snyder en Vic Smith, geregsdienaars van Wes-Transvaal.

"Skryf net dat ek nie met die Vrye Weekblad wil assosieer nie," sê hy terwyl foto's geneem word. "Ha," sê 'n boer hier agter my, "ons gaan een van die klekies aan jou neef stuur."

Koenig lag net verleë (en ek hou duim vas dat die fotosessie voortgaan).

Lekker werk

Van Biesiesvlei af is dit deur Sannieshof - waar Johan Snyder, hoof van die beskermingsdienste, en Nic Smith, verkeersbeampte, met hul radartoerusting in die koelte van 'n boom sit en aan 'n Coke teug. Hoe doeltreffend hulle is, weet ek nie - want die boere van Sannieshof waarsku jou al sowat vyf kilometer buite die dorp dat die gereg langs die pad sit.

"Ons is ook die brandweer en ambulans," spot Smith.

"Die werk is lekker. As ons moeg is vir die kantoorwerk, kom staan ons hier," sê Snyder terwyl Smith gou 'n taxi deursoek.

Ek sê hulle ek werk aan 'n artikel oor die Volkstaat en Wes-Transvaal. "Ja," sê Snyder, "hier is almal regs."

Die lewe gaan voort

Anders as in die Karoo sit die dorpe hier naby aan mekaar. Van Biesiesvlei na Sannieshof is dit minder as 20 kilometer en van daar is dit 'n katspoeg na Delareyville, gestig in 1914, en dan is dit deur na Schweizer-Reneke.

Die trekkers op die landerye vertel hul eie storie van boere wat ná jare van droogte nie gaan lê het nie, maar die natuur-elemente trotseer om 'n lewe te maak. Op sommige plase loop die trekkers so drie-drie langs mekaar. Dit is net die stof van trekkers wat die eentonige pad na Schweizer en die lugspieëling verbreek.

Op Schweizer-Reneke bespreek ek plek in die Theresa Hotel. Dit is warm en die lugversorger blaas net warm wind uit. Buite is dit snik-heet.

Enkele maande gelede het die AWB ten aanskoue van die hele wêreld die vryheid en reg van toegang tot die dorp ontvang - terwyl Ipelegeng, die township net so vyf kilometer suid van die die dorp, dieselfde eer aan Joe Modise toegeken het.

Simon Mosete, sy ma, Sarona, en sy suster Gladys voor hul gewelhuis in Wes-Transvaal.

Die wit dorp is steeds anti-swart, maar daar loop nie meer langbaardmans met haelgewere rond nie. Schweizer se burgemeester, Joey Fourie, en die voorsitter van die bestuurs-

komitee, Willie (FW) Munnik, albei oud NP-manne, sê die hele kwessie rondom die toekenning is deur die mense oordryf.

Hy verklap onwetend 'n groot geheim van die regses op die platteland. Hulle het hulle by die Wenkommando's aangesluit omdat die weermagkommando nie die nodige beskerming kon verleen nie.

Hulle haat nie die swartes nie. Dit wil voorkom of stedelinge die bangste is vir die toekoms van die Nuwe Suid-Afrika - dit is hulle wat met die meeste haat by die Wenkommando's aansluit. Miskien het ek op die verkeerde plek na langbaardmans met lang tande kom soek, dink ek.

Fourie, wat saam met sy pa en broer sowat duisend plaaswerkers onder hulle het, sê die Uitvoerende Oorgangsraad is die beste resep vir oorlog wat die land sedert die Tweede Wêreldoorlog gehad het.

Hy is egter optimisties oor die Volkstaat se toekoms. Mits ekonomiese samewerking met die ander streke bewerkstellig kan word. "Ek glo ook dat 'n kompromie voor 27 April bereik gaan word," meen hy.

Wat die posisie van Indiërs en bruinmense in 'n Volkstaat gaan wees, is nie duidelik as jy met mense soos Fourie gesels nie. Wat die swart gemeenskap betref, word baie gepraat van trekarbeiders, maar nie een van die Indiërs is 'n trekarbeider nie. Dit is juis hulle wat die kleinhandel-ekonomie op die platteland aan die gang hou.

Maar hier kom die Volkstaters se verkrampte denke na vore. Fourie sê hy reken stemreg is nie so belangrik vir die plattelandse Indiërs nie.

Wat wil jy hoor?

In Ipelegeng is die civic se kantoor in 'n grysgepleisterde baksteengebou. Daar is twee stoele en 'n lang bankie, een tikmasjien en 'n paar "Vote Now" plakkate aan die muur. Ek maak my op die bankie tuis. Pogings om gesprekke met ander inwoners aan te knoop loop elke keer dood. Hulle is so wit-verskrik dat hulle jou enigiets vertel wat hulle dink jy wil hoor.



Die mynwerker-plakkers wat moet skuif omdat Stilfontein se wit vrese besig is om die oorhand te kry

Die Volkstaatdorpe

Dlé dorpe het hulle bereid verklaar om deel van 'n Volkstaat te word:

Brits
Swartruggens
Lichtenburg
Ventersdorp
Biesiesvlei
Sannieshof
Delareyville
Schweizer-Reneke
Wolmaranstad
Bloemhof
Leeudoringstad
Ottosdal
Hartbeesfontein
Stilfontein
Orkney
Vierfontein
Hertzogville
Dealesville
Carltonville
Fochville
Die stadsraad van Akasia.

Dit is net Joseph Kokolosi van die ANC se jeugliga wat vertel dat apartheid dood is en die lewe voortgaan. Sy comrade en sekretaris van die civics, Krisjan Mosebetsi, sê eers dit sal goed wees as die Boere apartheid terugbring.

Maar toe ek en Kokolosi aan hom verduidelik hy hoef nie bang te wees nie, kom daar begrip.

"Dit is omdat die mense hier nie die wittes vertrou nie," verklaar hy hoekom niemand met my wil praat nie.

Op pad terug stop ek by die Indiër-sentrum. Ek mag nie 'n foto neem nie, maar hulle is bereid om met my te praat. "Natuurlik wil ons stemreg hê, maar hier op die platteland werk dinge anders," sê 'n ou gryse aan my.

"Buite praat hulle almal KP maar hier diep binne waar dit saak maak, is almal eintlik NP."

Geel en groen

Van Schweizer-Reneke ry ek 'n ompad om by Ottosdal te kom, waar die 21 dorpe hulle bereidwilligheid vir 'n Volkstaat verklaar het.

By die kommando-kantore staan 'n plaat bakkies. 'n Kommandant vertel my dit is boere wat hulle vrywillig aansluit by die kommando. Dit is vir my vreemd dat die weermag nog ontken dat die kommando's op die platteland deur die regses gekaap is.

Langs die pad van Ottosdal na Hartbeesfontein sê 'n boer Hartbeesfonteinkommando het glo op een dag 200 vrywilligers gekry.

Net voor Hartbeesfontein ry ek verby 'n gewel-huis. Die inwoners is die Mosete-gesin. Hulle het die huis by die boer gekry. Binne ruik die huis na politoer, wat ma Sorona besig is om blink te vryf toe ons daar opdaag. Haar kinders het met geel en groen verf hul handafdrukke oral oor die mure gesit.

Hartbeesfontein, wat vroeër as "klein Engeland" bekend was omdat daar so baie Engelssprekende Afrikaners gewoon het, is die laaste dorp voor ek die nuwe Beloofde Land vir die Goudstad verlaat.

'n Jaar se stimulerende leesstof én Breyten Breytenbach se splinternuwe boek **RETURN TO PARADISE!**
As jy vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, ontvang jy 'n gratis eksemplaar van **Breyten Breytenbach** se boek **RETURN TO PARADISE** (David Philip), heeltemal kosteloos. Die koste van die boek in die handel is R39,99. Buiten dit het Breyten ingestem om die boek spesiaal vir ons lesers te parafeer.

Vrye weekblad

Die enigste nuustydskrif in Suid-Afrika wat die naam werd is

RETURN TO PARADISE is Breyten se weergawe van sy jongste ontdekkingsreis na sy Afrika en die verkenning van sy Suid-Afrikaanse identiteit tydens sy laaste besoek aan Suid-Afrika. Dit is ook 'n ontleding van die hart en siel van sy omstrede, komplekse en pynlike verhouding met sy geboorteland. Syne is die unieke insig van die buitebinnestaander, 'n insig nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in Afrika as 'n geheel.



Die boek is lewendig, kontroversieel en soms heerlik komies.
Intekenare kry ***Vrye Weekblad*** vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is by die R100 ingesluit. Jy kan ook vir ses maande inteken teen R60, maar dan kry jy nie Breyten se boek nie.

• Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste 25 intekenare kry elk 'n gratis getekende kopie van **RETURN TO PARADISE** deur Breyten Breytenbach - stuur dus dadelik dié vorm aan *VWB*-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113. Jy kan per tjek, posorder of kredietkaart betaal.

Ja, ek wil graag op *Vrye Weekblad* inskryf en RETURN TO PARADISE hê.

Naam: .....

Adres en poskode: .....

.....

Telefoonnommer: .....

Kredietkaartnr: .....

Vervaldatum: Maand ..... Jaar .....

Handtekening: .....

Annus mirabilis, annus horribilis

'n Jaar van wonderwerke: die oorleef van storms soos die Hani-sluipmoord, die versoeningsproses wat stadig vorder, die ekonomie wat aan die opstaan is, en bo alles: 'n onderhandelde skikking oor 'n grondwet en 'n verkiesing. Maar ook 'n jaar van ongeloofliike bloedvergieting, konfrontasie en dreigemente van burgeroorlog. **MARTIE MEIRING** bekyk die jaar 1993

Foto's: Sally Shorkend en AP

Die inkomende...

Vennote en opponente

EEN van die wêreld se interessantste en mees simboliese vennootskappe, dié van Staatspresident FW de Klerk en ANC-president Nelson Mandela, wil-wil soos 'n stormagtige huwelik regdeur die jaar op die rotse loop, maar die wil om te wen bind die twee leiers in Suid-Afrika hegter en eindelik vereer eers Amerika hulle met die Liberty Bell-prys en daarna kry hulle die hoogste akkolade: die Nobelprys.

Uiteindelik gee die twee mekaar op 0:14 op 18 November die hand: die land het ná eeue 'n grondwet wat almal gelykwaardig behandel. Die "Nuwe Suid-Afrika" waarvan al sedert 1990 gepraat word, word eindelik gebore en 'n oorgangsraad, eintlik maar 'n tydelike regering, word ingestel.

... en die uitgaande

Van dié oomblik word hulle weer party-politieke opponente. Vier maande se verkiesingsveldtog lê voor. Die ANC verwag minstens 53 persent van die stemme, die NP se kanse word op tussen 13 en 20 persent geplaas. Is dit minder as 20 persent, gaan De Klerk nie vise-president wees nie.

Die opkoms van 'n blanke regtervleuel begin die NP-kaarte deurmekaar krap, maar 'n sterk swaai van bruin en Indiërstemme laat hul kanse weer rooskleuriger lyk.

Mandela en De Klerk het steeds 'n tweeslagtige verhouding: sonder mekaar kan hulle nie, maar te na aan mekaar versterk hulle die idee van opponente dat daar 'n gesamentlike ANC/regering-agenda is. Daar is nie liefde tussen hulle nie, maar darem respek.

Later in die jaar word dit duidelik hulle het twee gemeenskaplike vyande: Inkatha se skeibreker-leier, Mangosuthu Buthelezi, en die opkomende wit regse front.

Mandela speel die sanksies-troefkaart meesterlik en vanaf Januarie suggereer hy dat die einde daarvan kan kom, indien die land werklik demokraties gaan word. Dit gebeur nadat 'n verkiesingsdatum vir 27 April uitgeroep word en gesamentlike besluitneming vir 'n tussentydse regering en grondwet.

Albei word in 1993 gekonfonteer met skandes in hul eie groep: Mandela deur die Motsuenyane-verslag wat ernstige wandade in ANC-strafkampe aan die lig bring; De Klerk deur wye korrupsie in staatsdepartemente en tuisland-regerings; die onbesonne aanhouding van PAC-lede en 'n wrede aanval op 'n huis vol jongelinge in Umtata.

Mandela loop egter aan die einde van die jaar voor met 'n briljante verkiesingstrategie, naamlik om "forums" te hou waar mense regdeur die land persoonlik vrae aan die leier self kan stel.

De Klerk sit weer met 'n verdeelde kabinet en wit steun wat aan die verkrummel is. Maar die geskiedenis sal die Mandela-De Klerk-vennootskap onthou as dié faktor wat die ratte van 'n moeilike oorgang geolie het.

Martelaar der martelare

OP 10 April word Chris Hani, charismatiese leier van die Suid-Afrikaanse Kommunisteparty, voor sy huis vermoor en Suid-Afrika - en die wêreld - hou die asem op.

Die verwagte swart woede kook wonderbaarlik nie oor nie, maar die sluipmoord woel onder Suid-Afrikaanse houdings. 'n Wit Afrikaanse vrou wys die moordenaar uit - 'n Poolse immigrant. Vir miljoene word Hani 'n martelaar, vir duisende ander is sy dood geregverdig. Eugene TerreBlanche skreeu oor die televisie dat hy self vir Hani dood sou gemaak het as Janusz Walus dit nie gedoen het nie. Gematigde wit Suid-Afrikaners doen selfondersoek oor hoe hulle dié man, wat so 'n kritieke rol in vrede en versoening kon speel, so gedemoniseer het.

Maar Hani se dood gee stukrag aan die onderhandelinge. Op 'n vreemde manier bind dit die nasie deur vrees, verwarring of smart dat so 'n daad wel in die "vreedsame revolusie" tot 'n Nuwe Suid-Afrika kan gebeur?

Regdeur die land word roudienste gehou en 23 000 polisie en weermagmanne word opgeroep om die dienste en ook die reuse begrafnisdiens te help beheer. Twaalf mense word rondom die gebeure vermoor, maar die daglange begrafnis is een van die grootste begrafnisse in die land se geskiedenis.

Feitlik onmiddellik ná Hani se dood en Walus se inhegtenisname word die regse politikus Clive Derby-Lewis gevang en kort daarna sy vrou Gaye. 'n Geheimsinnige "moordlys" speel 'n rol in die groeiende geloof dat die regses planmatig 'n aantal geteikende mense wil vermoor.

In September word Walus en Derby-Lewis ter dood veroordeel. Gaye word vrygespreek. Ondanks emosionele uitlatings dat Walus en Derby-Lewis moet hang, bevestig Mandela daarna dat die ANC amptelik teen die doodstraf gekant is.

Saam met Steve Biko sal Chris Hani seker vir geslagte lank as Suid-Afrika se belangrikste martelaar onthou word.

Mokaba mobiliseer die regses

"Kill the Boer, kill the farmer" word die kreet wat die vuurvreter ANC-jeugleier, Peter Mokaba, een van 1993 se groot nuusmakers maak.

Die kreet, die woorde van 'n ou struggle-liedjie, lei regstreeks tot 'n breë regse paranoia en so tot regse konsolidasie. Veral die boeregemeenskap se dreigemente dat hulle Mokaba se uitlating as aanhitsing vir die aanvalle op plase en veral bejaardes beskou, dwing die ANC-leierskap om die kreet te verbied.

Mokaba het egter 'n bondgenoot in die Kaapse streeksekretaris van die ANC, Tony Yengeni, en die kreet word tog herhaaldelik gebruik. Dit dui ook op die militante houding van die jeug, wat dikwels deur die jaar 'n uitdagende houding jeens die ANC se senior leiers toon. Maar dit is ook Mokaba wat 'n rol speel in die verkiesing van Thabo Mbeki as onderleier van die ANC.

Mokaba word nou veertig en sal sy leierskap van die ANC-jeugliga moet laat vaar.

Inmiddels word sy geesgenoot, Tony Yengeni, uit die sekretariskap van die Wes-Kaapse ANC gestem.

...en Apla skreeu One Settler

APLA, die guerrilla-vleuel van die PAC, dreig om 1993 die Jaar van Storms te maak en word vinnig die Antjie Somers van bevreesde wit Suid-Afrikaners - die waarword van die nagmerrie "hulle gaan aan ons doen wat ons aan hulle gedoen het".

In 'n Apla-aanval op die Highgate Hotel in Oos-Londen word vyf mense gedood en sewe verwond. Op 26 Mei neem die Suid-Afrikaanse Polisie 'n groot aantal PAC-leiers in hegtenis op inligting van sogenaamde Apla-moordplanne. Al die lede word egter vrygelaat.

Transkei se genl Bantu Holomisa word deur die regering gesien as die peetvader vir Apla-basisse in die Transkei veral nadat wapenopslagplekke van Apla daar gevind word. Die weermagaanval op 'n beweerde Apla-huis in Umtata waarin verskeie jongmense sterf, ontlok baie kritiek, maar geen wraakaanvalle vind plaas nie.

'n Jong PAC-lid word aangehou ná die slagting in die St Jameskerk in Kenilworth, Kaap, maar hoewel die daad algemeen aanvaar word as 'n Apla-aanval, is daar geen verdere arrestasies nie.

Phama en minister Hernus Kriel ontmoet wel en verklaar 'n tentatiewe moratorium, maar die wreedaardige aanval op die Amerikaanse uitruilstudent Amy Biehl verloën alle onderhandelinge; dis PAC-jeug wat die meisie vermoor het.

Later volg die weersinwekkende gelag en gejou, die toyi-toyi en PAC-kreet van One settler, one bullet in die verhoor van die gearresteerdes op Biehl.

Nadat die ANC sy weersin uitspreek oor dié gedrag, distansieer die PAC-leierskap hom ook van die jeug by die hof. Tog laat die gedrag en die barbaarsheid van die ondersteuners die groot vraag ontstaan: hoe kan hierdie element ooit onder beheer gebring word?

Die PAC self los uiteindelik sy boikot-politiek en word deel van die Kemptonpark-onderhandelinge, maar aanvaar alle vordering onder die sterkste protes. Die PAC se swart bewussynsboetie, Azapo, bly onverbiddelik buite die proses.



die generaal word 'n onwillige leier

OP 6 Mei verskyn genl Constand Viljoen op die regse toneel.

Ná die dood van KP-leier Andries Treurnicht op 22 April en die nuwe leierskap van Ferdi Hartzenberg dwing 12 000 boere op Potchefstroom die oud-hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag feitlik om die leierskap van die regses te neem.

Die oproep om die "Boerevolk" te lei, laat die aanvanklik onwillige generaal baie gou in 'n komitee van generaals beland wat die hoop onder regses laat opvlam dat die verbrokkeling van al die regse groepe onder een sambreel kan herstel.

Die wildemanne van die AWB word ook by die nuwe front betrek en Viljoen se grootste toets kom op 25 Junie voor die Wêreldhandelsentrum.

Gewapen, getooi in kakie en kamoefleerdrag bars 'n groot aantal raserige AWB-lede met 'n Viper-voertuig deur die glasmuur van die sentrum om in 'n weersinwekkende protes teen die uitroep van 'n verkiesingsdatum die onderhandelingsraad te "ontsetel".

Met bravade en flagrante onmanierlikheid beset die manne en vroue die stoele van raadslede, rook en strooi en skeur papiere, bevuil die mure en onderhandel uiteindelik vir "veilige" begeleiding na buite. Die regering en die SAP kom onder skerp kritiek oor die sagte optrede, maar later word 300 mense regdeur die land gearresteer.

Constand Viljoen sê daarna sulke optrede dra nie sy goedkeuring weg nie.

'n Eienaardige verbroedering na regs vind plaas wat uiteindelik op 'n alliansie van sulke uiteenlopende groepe soos Inkatha, die Mangope-regering, Ciskei en die blanke regses afstuur. Die Vryheidsalliansie dring aan op 'n eie volkstaat, terwyl Buthelezi sy absolute vorm van federalisme opeis, en Mangope en Gqozo skynbaar hul onafhanklikheid wil behou.

Onder die vaandel van die Vryheidsalliansie word groot vergaderings gehou waarop krete vir burgeroorlog al hoe meer gehoor word. Terselfdertyd probeer die generaals, by name Viljoen en Tienie Groenewald, die regses maan om nie van oorlog te praat nie, maar hulle moet hulle darem gewapen en paraat hou. En daar is heelwat "bewapening", soos in skouspelagtige diefstalle van weermag-hardeware.

Hoewel daar geen aanduiding van werklike getalle is nie, lyk dit of die alliansie 'n groeiende gevolg verkry en selfs tweede sou kon kom in die April-verkiesings as hulle as 'n alliansie deelneem. Visepresident Buthelezi of Viljoen?

Die heterogene Vryheidsalliansie speel tot die einde van die jaar politieke brinkmanship, maar einde November kondig die Volksfront 'n alternatiewe "oorgangsraad" aan wat vir die ontwykende volkstaat moet voorberei.

Nou wag Suid-Afrika op realistiese voorstelle vir grense - en staal mense hulself vir aanvalle van terrorisme en sabotasie van regse fanatici.

die dawerende vereensaming van 'n zoeloe-hoofman

ASOF die geskiedenis hom wou kul, het hoofman Mangosuthu Buthelezi sy Inkatha-beweging gelei op die onversetlike pad van die skeibreker, die hoof-spoiler.

Internasionale wysheid was immer dat Buthelezi met Mandela en De Klerk die driemanskap sou wees wat die Nuwe Suid-Afrika sou konseptualiseer en bou. Maar Buthelezi het hom al hoe meer uit die driemanskap verskuif gevoel, deels oor sy eie hovaardige eise om erkenning en deels om sy eise vir federalisme soos hy dit wou hê: feitlik absolute magte binne 'n federale verband.

In 'n toenemende afsondering van die onderhandelings-besluitnemingsproses word hy militanter.'n Kantige styl kenmerk hom nou: "Does she think I'm a kaffir!" roep hy in 'n televisieprogram uit oor die joernalis Claire Robertson se vraag aan hom. Gaandeweg begin hy dreig dat 'n etniese oorlog die land voor die deur lê.

Maar nóg hy nóg Mandela kon die laegraadse oorlog in Natal aan bande lê. Na 'n geskiedkundige ontmoeting met Mandela, wat deur aartsbiskop Tutu en biskop Magoba gereël is, word die verhouding feitlik onmiddellik weer suur. Hy kap ook nou na FW de Klerk en sê die NP is 'n party sonder integriteit. Selfs Afrikaanse koerante begin Buthelezi gereeld skerp te kritiseer.

Buthelezi voel hom ná die losse verbintenis van Cosag steeds verbind tot die groeiende alliansie aan die regse kant en uiteindelik lei sy raaiselagtige verbintenis met die Volksfront tot sy deelname aan die Vryheidsalliansie. Dit lei weer tot die vreemde bondgenootskap tussen die Zoeloesprekende hostelbewoners van die Vaaldriehoek en die AWB, hoewel Buthelezi self nie sy seën daarop plaas nie.

Nou word die sprake van Buthelezi se bedanking as leier van die beweging wat hy self op die been gebring het, al luider. Want binne Inkatha is daar sterk stemme wat sy onstabiele en diktatoriële leierskap bevraagteken, en wat glo Inkatha sal vernietig word as dit nie aan die April-verkiesing deelneem nie.

die waghond knor

IN sy selfaangestelde rol as waghond oor die demokrasie het die Demokratiese Party die beredeneerde "gewete" van die onderhandelingsraad geword. Saam met Joe Slovo het Colin Eglin die mantel van die gryse en uitgeslape wysgere in die onderhandelings gedra.

Dit was op die nippertjie van die onderhandelingsproses dat die onstuitbare Tony Leon 'n laaste reddingspoging aan die toe reeds aanvaarde tussentydse grondwet aangewend het. Geskok en teatraal verontwaardig het Leon die ANC en die regering se aanvaarding verwerp dat die president, dus die politici, die regters van die grondwethof moet aanstel. Die onafhanklikheid van dié hof was heilig vir die DP en toe Leon daarin slaag om die bepaling te wysig sodat 'n regterlike kommissie die regters sal voorstel, het hy sommer 'n groot slag geslaan vir die DP se verkiesingskanse - wat deurgaans as so om en by 5 persent of selfs minder geskat is. Die stryd om twee eerder as een stembriefie word nog deur die DP gevoer.

hier kom 'n ding!

vrye weekblad

taren taal

Ja, daar is 'n nuwe prys vir uitstekende reklame in 1994. Maar vir dié prys is daar beslis 'n plek. Mens kan sê dis 'n taamlike alternatiewe prys. 'n Afrikaanse prys. Tarentaal. Vrye Weekblad se prys vir die Afrikaanse Kopieskrywer van die Maand.

Ons het besluit om op dié manier by die nywerheid betrokke te raak omdat skeppende Afrikaans ons na aan die hart lê. En wat die Nuwe Suid-Afrika ook al inhou, weet ons instinktief daar gaan altyd 'n groot teikenmark wees wat in goeie, vernuwende Afrikaans aangespreek wil word.

Om dit aan te moedig, stel ons dié prys vir tydskrif-advertensies in. Dit beteken elke advertensie wat in 'n bepaalde maand in enige van die voorste Afrikaanse tydskrifte verskyn, kom in aanmerking vir daardie maand se toekenning. Die beoordeling sal op 'n soortgelyke manier gedoen word as vir die AAA. 'n Uitgesoekte groep bekende Afrikaanse reklamemense sal aan die einde van elke maand byeenkom. Elkeen sal sy of haar twee beste advertensies kies uit al die uitgawes van daardie maand se tydskrifte. Dit maak nie saak of die advertensie oorspronklik in Engels of in Afrikaans geskep is nie. Die maatstaf is die skeppende gebruik van Afrikaans. Elke maand se wenner sal in Vrye Weekblad aangekondig word, met 'n afdruk van die wen-advertensie, 'n foto van die skrywer, en 'n motivering waarom die advertensie bekroon word.

DIE TWAALF MAANDELIKSE WENNERS SAL ELK 'N HEERLIKE GESKENK VAN DIE WYNLANDGOED SIMONSIG ONTVANG - EN IN AANMERKING KOM VIR DIE ADVERTENSIE VAN DIE JAAR-PRYS. DIE SKRYWER VAN DIE ADVERTENSIE WAT DIE JAARPRYS WEN, ONTVANG WYN VAN SIMONSIG EN 'N VAKANSIE VIR TWEE.

Daar het jy dit. Nie maar net nóg 'n prys nie - 'n prys wat lankal nodig was. 'n Prys wat, gloons, 'n belangrike aansporing sal wees vir kreatiewe reklamewerk. As jy meer inligting wil hê - of 'n voorstel wil doen - bel gerus vir Elize Viljoen by (011) 837-7017.



die Roelf-en-Cyrilstyl

DIT was 'n alliansie wat al in 1992 gesluit is, en toe die onderhandelingsraad, die moontlike Kodesa 2, begin sit, het die M & R-show behoorlik op dreef gekom. Roelf Meyer en Cyril Ramaphosa was soos twee timmermanne wat die laaste spyker van 'n onderhandelingsproses uiteindelik op 'n middernagtelike uur ingeslaan het.

Dit was 'n pad wat met stote en stampe, afgronde en pieke, geskiedkundige momente en beskamende momente gefinaliseer is. Intussen het Meyer en Ramaphosa darem internasionale erkenning gekry en hoewel albei intern baie kritiek moes verduur, word hul hantering van die nege maande se proses as geniaal beskou.

Die aanvanklike 26 deelnemers het uiteindelik tot 21 gedaal en net negentien het die finale dokument gesteun. Maar dit was in die wandelgange, by die teedrinkery, altyd onder die behendige beheer van Meyer en Ramaphosa, waar die knope werklik deurgehak is.



Bosberade en bilaterale was die skermwoorde vir dinkskrums en breinstorms. Deursigtigheid het die sleutelwoord geword vir die onderhandelingstyl en "prinsipale" het die leksikon binnegesluip: verwysing na 'n finale ja- of nee-woord van senior leiers.

Dwarsdeur die proses moes die twee met hul eie constituencies worstel: die NP-kabinet is verdeel tussen die onderhandelaars met Meyer en Dawie de Villiers vooraan as die FW-faksie, en die antifaksie onder Hernus Kriel en Kobie Coetsee. Die ANC moes bontstaan om die jeug en veral Cosatu tevrede te hou met die kompromieë.

Meyer en Ramaphosa sal as politieke opponente die verkiesing tegemoet moet gaan. Maar die verhouding tussen die twee kan nog lank 'n sleutelrol speel - tot en met 27 April gaan dié twee in elk geval die sleutelfigure in die Uitvoerende Oorgangsraad wees.

elke dag is met bloed afgemerk

NAAS Angola was Suid-Afrika in 1993 die mees gewelddadige land op aarde: duisende sterf in politieke konflik; baie meer word gewond of verloor hul huis/pondokke. Die townships aan die Oos-Rand en op die Natalse platteland ly verreweg die meeste, hoewel die grens tussen politieke en kriminele geweld al hoe vaer word. Heelwat van die konflik is sigbaar die gevolg van politieke konflik tussen ondersteuners van die ANC en Inkatha, maar die gesiglose, oënskynlik motieflose slagting van gewone burgerlikes en moorde op treine neem weer toe.

Volgens die Menseregtekommissie was daar van Januarie tot Oktober vanjaar 4 642 voorvalle van geweld - waarvan 20,2 persent regstreeks met politieke partye en groepe verbind kon word. Daar is in die tyd 3 521 mense dood, waarvan net 11,2 persent se dood aan sekere groepe of partye gekoppel kan word, sê die kommissie, maar volgens die SA Polisie se statistiek kan die dood van net 3 354 burgerlikes aan politieke geweld toegeskryf word.

FOTO GUY TILLIM SOUTHLIGHT

...en elders meestal

Amerika kry 'n jong, saxofoonspelende Demokraat wat geweier het om in Viëtnam te veg as president: Bill Clinton. Saam met hom kry Amerika Hillary Rodham Clinton, die White House se sterkste, mees onafhanklike First Lady ooit. Telkemale word na Bill as "Hillary's husband" verwys, en sy laat haar self gou geld as 'n topamptenaar van die administrasie met 'n nuwe gesondheidsbeleid. Dié besondere foto van Hillary is deur Annie Leibovitz van die tydskrif Vogue geneem.

Die historiese stryd tussen Palestyne en Israeli's word (hopelik vir altyd) beëindig toe die PLO-leier, Jasser Arafat, en die Israelse premier, Rabin, vrede sweer. Duidelik het Arafat nie soveel gewen as wat hy wou gewen het nie. Nou word reeds bespiegel dat Arafat en Rabin Nobelpryswenners van 1994 sal wees. Foto: Ahmed Azakir/AP.

Noord-Ierland het vanjaar 'n skielike toename in bloedvergieting beleef met ekstra wrede, selfs vir Ierland, bomaanvalle en moorde. Dit is in November gevolg deur nuwe inisiatiewe vir vrede, waar die onmoontlike 'n stap nader aan die moontlike gegee het: die regering van Britse premier John Major het in die geheim met die IRA begin gesels oor voorwaardes vir vrede. Toe dit uitlek, het die Protestantse radikale verraad geskreeu, en vireers was alles weer terug by die skaakmat van die laaste paar dekades. Skets: Rogan/The Cartoonist.

donder en bliksem



Wat begin het as 'n barmhartigheidsending, ontaard in 'n bloedige konflik. Haat teen die Verenigde Nasies in die strate van Mogadisjoe word verder gevoed deur groter haat teenoor die Amerikaanse magte oor hul volgehoue stryd teen die krygsheer Mohamed Farah Aidid. Later word die jag op Aidid gestaak - hoewel hy nog skuldig bevind word aan die moord op 24 Pakistani-soldate. Foto: Peter Dejong/AP.

Die nimmereindigende wreedheid van die Joego-Slawiese oorlog het van Bosnië die skriknaam in die wêreld gemaak. Die byna-aanvaarding van die Vance-Owen-vredesplan het vir 'n paar weke groot hoop op vrede gebring, maar uiteindelik het die burgeroorlog net woester geword. Burgerlikes, mense in gevangenisse, in sielsieke inrigtings, in kinder- en ouetehuise sterf weens honger, blootstelling en koeëls terwyl die wêreld magteloos dag ná dag van die etniese oorlog moet verneem. Die snerpende winter gaan waarskynlik nog 'n aaklige tol eis. Foto: Jockel Finck/AP.

Die bloedigste oorlog sedert Viëtnam, maar ook seker die mees vergete oorlog in die moderne geskiedenis: Angola. Honderdduisende mense het in 1993 in gevegte en weens hongersnood gesterf nadat Unita se Jonas Savimbi verlede jaar se verkiesingsuitslag verwerp en teruggekeer het bos toe. Die einde is nie in sig nie. Foto: Fernando Ricardo/AP.



Die Russiese rollercoaster rol voort. Die konflik tussen pres Boris Yeltsin en die hardekoejawels in die parlement lei in Oktober tot 'n bombardering en bestorming van die (opgeskorte) parlement, en die rebelle - die Speaker inkluis - word in die tronk gestop. Yeltsin regeer nou ondemokraties alleen voort in afwagting van 'n verkiesing. Foto: Michel Euler/AP.

G'n stilte in die hof

Amy Biehl

James Bulger

David Webster

DIE David Webster moord-verhoor word drie jaar ná die moord op die akademikus-aktivis afgehandel sonder dat regter Stegmann enigiemand skuldig kon bevind. Allerweë word nog geglo dit was dirty tricks van die BSB.

Winnie Mandela se appèl teen aandadigheid aan die moord op Stompie Seipei slaag; sy vier dit met sjampanje - maar moet, nadat sy versuim het, op 'n hofbevel wel die vergoeding aan van die slagoffers betaal.

Die verhoor begin oor die geheimsinnige dood van die Oos-Kaapse ANC-aktivis Matthew Goniwe en drie ander vermoordes. In die verhoor word 'n kattenes van intrige en wedersydse beskuldigings tussen die geheime dienste van die polisie en die militêr oopgevlek. Die saak word uitgestel tot volgende jaar.

Die kort en dramatiese verhoor van Janusz Walus en Clive Derby-Lewis en sy vrou Gaye weens die sluipmoord op SAKP-leier Chris Hani eindig in doodstraf vir Walus en Derby-Lewis. Gaye kom skotvry daaruit. Direk ná die moord vra die regsman van die ANC se hoofraad, Matthew Phosa, dat die twee moet hang - teen amptelike ANC-beleid oor die doodstraf. Later sê Phosa hy was emosioneel.

Die skokkende moord op die Amerikaanse uitruilstudent Amy Biehl in Guguletu kry 'n aaklige wending toe 'n ooggetuie om politieke redes weier om te getuig en drie van die ses aangeklaagdes daardeur kwytgeskeld moet word. PAC-ondersteuners wys barbaarse gedrag deur te lag oor die beskrywing van Amy se laaste ure.

Die Norwood-verkragter, Jacobus Petrus Geldenhuys, word skuldig bevind aan moord op vyf vroue en vier verkragtings. 'n Eensame enkelkind wat 'n polisieman word en in Alexandra in die stabiliseringseenheid werk, raak verveeld met televisie en besluit om geld te gaan steel. Maar dan begin hy verkrag en moor.

Twee tienjarige moordenaars skok die wêreld tot selfondersoek toe die grusame moord op die tweejarige seuntjie James Bulger in Preston, Engeland, verhoor word. Die twee seuns, Jon Venables en Robert Thompson van die agterbuurte van Liverpool, word skuldig bevind en onbepaald in veilige bewaring geplaas en die enigste moontlike dryfveer wat die regter tot die moord kon vind, is die beïnvloeding van gruwelvideo's.

die name

Tokyo Sexwale neem die mantel van Chris Hani oor. Die oud MK-leier word blitssnel die simbool van die Nuwe Suid-Afrika. Hy word oorstroom met uitnodigings om by 'n goedkeurende blanke publiek as "redelik, intellektueel, charismaties" bestempel te word. Maar hy verloor nie sy aansien in die platteland nie waar hy soms militant, soms baie versoenend praat.

Raad-op

Ná 'n reeks openbare "verhore" word 'n SAUK-raad saamgestel wat onmiddellik 'n toom des heilies op die Staatspresident afbring. Uit sy eie het hy Van Zyl Slabbert glo as voorsitter aangestel en dié politieke onkorrektheid lei uiteindelik tot die aanstelling van dr Ivy Matsepe-Cassaburri as voorsitter met die Van as lid van die Raad. Dr Ivy wil eers privaat bly, maar word gedwing tot openbare kastyding en sy glo vas dis omdat sy a) 'n vrou en b) swart, in daardie volgorde, is.

'n Nuwe media-"baas" ontpop hom in die vorm van oud-ds Mossie van den Berg wat op Lone Ranger-styl Radio Pretoria in die ooste van Pretoria stig. Nie altyd wettig nie, maar voortdurend oor die lug, het Radio Pretoria 'n mengsel van propaganda, godsdiens, marsmusiek en sielige kommentaar oor die volk en sy ellendes. Twintig jaar ná sy vuurvreter-aanval op apartheid by die somerskool van die Universiteit van Kaapstad neem Breyten Breytenbach 'n stemmiger afskeid van apartheid op Wits se Winterforum oor Afrikaans. Die digter publiseer ook twee nuwe boeke in Suid-Afrika - die bundel *Nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde* (Hond) en *Return to Paradise* (David Philip)

Stil, broer!

Oom Bethlehem Coetzee, getroue kerkganger in die NG Gemeente Edenvale, kom in die kalklig omdat hy te hard sing in die kerk en die orrelis en die gemeente die josie in maak. Broederlike verdraagsaamheid neem die wyk en oom Bethlehem soek 'n ander kerk, maar besinning daal oor die gemeente en oom Bethlehem onderhandel met die dominee en die orrelis om voortaan sagter te sing. Die kwessie van lastige sangers word nogal 'n kerkkwessie, maar dit bedaar gou.

kom en die name gaan



Koning Midas

Dr Anton Rupert, saam met wyle Dirk Hertzog, het 'n empire begin wat die Rupert-Hertzogs die rykste private mense in die land gemaak het. Dr Rupert kan sy geld tel tot R2 843 miljoen, terwyl Harry Oppenheimer maar 'n skamele R2 355 miljoen besit.

Jammer, pa

Vroeg in die jaar sê Old Soldier Magnus Malan, hy van die Totale Aanslag, sy rang, sy ministerskap en sy parlementêre setel op en beweer hy maak plek vir 'n jonger man. Maar die oud-minister self is nog nie só oud nie en begin uiters suksesvolle besighede. Mettertyd wys sy dogter Madeleine ANC-simpatieë en haar pa aanvaar dit. Prof Wilhelm Verwoerd, seun van Hendrik Frensch, se seun Wilhelm word ANC-lid en sy pa aanvaar dit nie.

Jurie Mentz, NP-voorbanker, loop oor na die IVP, maar die defeksie van George Bartlett na die IVP materialiseer nie. Sy grootste claim-to-fame vanjaar was dat hy die hele nasie die josie in gemaak het met sy gefemel oor die petrolprys.

Ryk Ramodike

Die ouditeur-generaal deel slae uit aan die Departement van Vervoer en berispe die SAW oor onnoukeurige en stadige dokumentasie. Die geldsake van die land lyk by die dag meer beroerd en uiteindelik moet die Regering die hele Lebowa-administrasie oorneem, nie sonder teenkanting van die diktatortjie Ramodike nie - ook te verstane, veral toe dit duidelik word dat Ramodike se pakket jaarliks R358 152 bedra teenoor Staatspresident FW de Klerk se R253 080.

Die Regering se swak toesig oor sy tuislande en onafhanklike state kom onder die loep in die Parsons- en die De Meyer-verslag. Dis te laat vir trane. Swaarmoediges wonder of die openbare moraliteit ooit weer herstel kan word.

Maar 'n nuwe histerie pak die land beet: partye se verkiesingslyste waarop alle minderheidsgroepe erkenning moet kry ter wille van die nuwe politieke korrektheid.

Pik vra mooi askies

Pik Botha, algemeen aanvaarde "geheime wapen" vir die NP-verkiesingsveldtog, begin sy stemwennery met 'n groot verskoning vir die Umtata-aanval van die Regering. Die dag daarna begin hy verskoning vra vir nog méér blapse, onder meer sy eie maaksel: Walvisbaai se oorhaastige oordrag aan Namibia. Groot konsternasie onder die ou garde skeel Pik min - hy ry behoorlik op die golf van "ekskuus vir al die sondes van apartheid".

Sê dit met 'n boek dié Kersfees

Toeganklike kortverhale wat verskillende aspekte van menswees aanraak.
Sagteband/128pp/R39,95

Digkuns as vermaaklike woordverwerkerspeletjie.
Sagteband/104pp/R42,95



'n Bloemlesing – allerlei fasette van kindwees vasgevang.
Sagteband/164pp/R39,95

TAFELBERG-UITGEWERS
Posbus 879 Kaapstad 8000
Indien nie beskikbaar by u naaste boekwinkel nie, skakel gerus ons tolvrye nommer 0800 220 224.

onprivate openbare

Anneline Kriel en haar man Philip Tucker: van húlle kon die land nie alles vir soetkoek opeet nie. (Foto: Beeld)

Wie kon dink dié droë prins kon so warm word oor die foon!

benoude boude

Michael Jackson wil na Suid-Afrika kom, maar kan nie weens dinge soos senuwees, siekte, oorwerktheid en veral 'n dreigende hofsaak oor kindermolestering. Hy verkry privaatheid deur te verdwyn om te ontgif van pynstillers.

Hein Jordaan van die SAUK, skuldig aan omkopery, kry privaatheid en spring die tronk vry deur land uit te vlug. Trustbank se bejaarde whizzkid, Jan Marais, verskyn in die hof oor bedrog van 'n maatskappy waarby hy betrokke was. Oud-bankman Bob Aldworth steel geld en vlug Engeland toe.

Chris Barnard, die prof, lap sy private lewe - en ander s'n - uit in 'n boek wat hom meer kritiek oor sy selfvoldane sekskapades as oor sy mediese briljantheid op die hals haal.

Jacqui Mofokeng word Mej SA - sy's swart en dinamies, maar 'n klomp witmense meen haar skoonheid is nie haar beste bate nie. Die meisie verower egter harte links en na regs en word Mejuffrou Gaaf van 1993.



skandes en skinderstories

Iemand het gekoekeloer en potte geld gemaak uit die maer prinses in 'n gimnasium. Iemand anders het haar hartstogtelik Squidgy genoem. (Foto: AP)

SKINDERTONGE wêreldwyd het 'n fees gehad met 'n absolute skynheilige verontwaardiging oor privaatheid. En, o, die skokke van populêre rolmodelle wat skeeftrap!

Anneline Kriel klim met 'n bandopnemer om haar lyf in haar man Philip Tucker se bed om hom te pols oor sy daggaverbruik. Niks bly privaat in die slepende Kriel-Tucker liefde/litigasie/verneukery nie. Dis egter voorbladkos en sekerlik kla koerantredakteurs nie.

Privaatheid versus groot geld kan nooit wen nie, en daarom het die wêreld vanjaar weer 'n bonanza gevind met die liederlike en tog-so-lekkerkry insae in prins Charles se wulpse gesprekke met sy ou en huidige minnares Camilla Parker Bowles.

Prinses Diana flankeer met iemand wat haar Squidgy noem (blykbaar 'n romantiese liefdesnaampie in Brittanje) en die pers lap die ietwat prosaïese gesprek uit. Die maer prinses gaan oefen in 'n gimnasium en die eienaar neem steelfoto's wat die wêreld ingestuur word - en soos dikwels tevore dreig die Engelse hoogheilig om 'n wet teen privaatheidskending in te stel. Natuurlik sal hulle nie.

Hier te lande word flouerig gewonder oor so 'n wet toe die prettige oud-minister, oud-ambassadeur, oud-ideoloog Piet Koornhof in die openbaar sy alles behalwe private verhouding met sy Marcelle verdedig. Hoe meer privaat hy wil wees, hoe meer openbaar word hy met stellings dat hy wel die vader van sy vriendin se kind is, egter nie die biologiese pa nie, en hy laat hom heel onprivaat afneem in die bad met sy vriendin se baba - die een pienker as die ander.

Mev Lulu Koornhof handhaaf 'n dapper wenstryd om haar en haar gesin se privaatheid te beskerm.

die kat kom terug

Winnie Mandela oorleef hofsake, geen privaatheid nie, verkiesingsnederlae, 'n moontlike moordaanslag en 'n alles-openbarende boek - wat haar die RSA se Oorleweraar van 1993 maak.

boeke
'n reis vol woede en verdriet

Return to Paradise deur Breyten Breytenbach. David Philip, R39,99.

GERRIT OLIVIER

Return to Paradise verskyn 16 jaar ná *Seisoen in die paradys*, Breyten Breytenbach se vorige reisverslag oor Suid-Afrika. Die twee titels maak die leser daarop attent dat hier sprake is van 'n terugkeer na wat slegs ironies nog as "paradys" beskou kan word. Onopsombaarheid mag die somtotaal genoem word van die reis wat Breyten in 1991 deur hierdie verskeurde en gewelddadige, rot en kaal besteelde land onderneem het.

"I came, I saw, I was confused." (209) Lesers wat van Breytenbach 'n rigtinggewende analise verwag - en laat ons hulle nie kwalik neem nie: hy hét verskeie kere al die predikersmantel aangetrek - sal berooid daarvan afkom. Hierdie Breytenbach is 'n reisiger wat sy oortuigings verloor het (xiii), in 'n plek wat slegs 'n dwaas sou wil voorgee om ooit te verstaan (xiv).

As Breytenbach in die voorwoord waarsku dat sy boek uit "many futile paradoxes" (xv) bestaan, mag dit na 'n maklike uitweg klink. Maar dit is nie. Van vroeg af was daar al in Breytenbach paradoksale elemente. Zen-Boeddhisme teenoor politieke betrokkenheid is hiervan miskien die opvallendste, maar daar is ook die feit dat woord en werklikheid by hom altyd in 'n gespanne verhouding met mekaar verkeer het.

Dit is een van die redes waarom Breytenbach ook kan irriteer. Hy het sy goeie vriend Van Zyl Slabbert mateloos geïrriteer. Al is die rusie intussen bygelê, is dit teleurstellend dat oor die inhoud van die konfrontasie tussen die praktiese politikus en die geslepe woordslyper so min gesê word. Die indruk wat 'n mens kry, is dat dit gebeur het aan die einde van 'n lang en uitputtende reis, en dat dit te intiem seergemaak het om in besonderhede vertel te word.

DIE AMBIVALENSIES in Breytenbach waarop Harri Müller jare gelede gewys het, word sterker sigbaar indien die (problematiese) eis van konsekwentheid gestel word. Hulle vorm die kreatiewe spanning wat aan sy werk - en veral wanneer van 'n politieke landskap verslag gedoen word - 'n besondere geaardheid gee.

As verslag van 'n reis in 'n bepaalde tydruimtelike konteks beweeg hierdie boek ook op die grens van die droom, die verbeelde landskap, die plek wat nooit sal loskom van die herinnering en die woord nie. Die "realiteit" van wat hier beleef word - en ek plaas dié woord op tipies Suid-Afrikaanse wyse maar in aanhalingstekens (vgl 36) - is altyd onderhewig aan vraagtekens, twyfels, relativering.

Vir Breytenbach baken woorde nooit 'n stuk van die wêreld af nie. Met woorde borduur ons voort op al ons gisters, en die dood is wanneer daardie gisters opraak. Selfs dit beteken nie dat woorde in 'n spesifieke tyd tuisgebring kan word nie: "the story is neither of the past nor in the present, but winds its way through words in a lost time." (xv)

Saaklike mededelings is daar genoeg in *Return to Paradise*, veral oor geweld en politieke korrupsie, oor die onhebbelikheid van alles wat hier aan die gebeur is. Maar wat in Breytenbach se skrywery oor politiek voortdurend vooropgestel word, is die verstrengeling van hierdie beskouings met sy eie partikuliere geskiedenis, drome en herinneringe.

Herhaaldelik is daar sprake van 'n verskuiwende en onsekere identiteit - 'n ding wat uiteindelik ook in woorde gekonstitueer word. Daar is uitbarstings van poësie, 'n liriese besinging van sensuele rykdomme, 'n verdriet om alles wat verknoei geraak het in die jare van apartheid en geestelike verarming, 'n ekstatiese opnoem van name en plekke, besoeke aan geliefdes en familielede.

AS *RETURN TO PARADISE* 'n boek van liefde is vir 'n verlore paradys, is dit egter ook 'n boek van desillusie en pyn. Die konflik tussen die utopiese strewe, die innerlike woord wat bevry en die mag van die nugter woord, die manipulatiewe woord, die politieke woord is bestendig aanwesig.

Die wyse waarop revolusie tot politiek en korrupsie verword, sien Breytenbach skerp raak, ook in dié gedeeltes waarin vertel word van besoeke aan ander plekke in Afrika. Uit al dié besonderhede ontstaan 'n somber prentjie van 'n kontinent wat opnuut deur die sand van die vergetelheid oordek word. Die bevryders (ook binne die ANC) verander in gulsige apparatchiks en kommissars, die terrein van die openbare lewe word ontruim, en wat oorbly, is 'n reeks gebeurtenisse, verwarring, skelmstreke.

By Breytenbach is die grens tussen dié ruimte wat in joemalistieke besonderhede beskryf word en die innerlike landskap altyd baie fyn. Soms beweeg die boek oor daardie grens na 'n apokaliptiese siening: na die No Man's Land wat ons al ken uit *True Confessions of an Albino Terrorist*, 'n plek van waansinnige en oorstuurdes en veral bloedvergieting.

Ook hierdie troostelose uitbeelding bied natuurlik sy poëtiese plesier, en nie om dowe neute nie eindig die boek met die woorde "this is the beginning of a poem". Maar daar gaan wel iets belangriks verlore: 'n sin vir eenmaligheid. As die besonderhede ondergeskik gestel word aan die droomlandskap van verontmensliking en vernietiging, moet 'n mens sê: ook dit is nie eenmalig nie, dit klink 'n bietjie na 'n literêre topos.

Op *Return to Paradise* kan die leser miskien slegs emosioneel reageer omdat dit 'n emosionele, chaotiese boek van herinneringe, drome, feite en refleksies is. Maar dan bedoel ek die produktiewe chaos van 'n voortgesette, pynlike verbondenheid waarin idealisme en verlange begelei word deur weersin en vertwyfeling, nugterheid deur poëtiese vlugte.

Oor wat op Gorée gebeur, sou ek meer wou verneem het. Waar is die bydrae wat daardie instituut sou lewer tot die aanmoediging van 'n demokratiese gesprek in Suid-Afrika? En teenoor die balling sou 'n mens iets wil sê wat hy tog al goed weet: die verskrikkinge wat jy beskryf, is ons werklikheid. Ons sal daar nie aan kan ontsnap nie en ons moet daardeur.

Sonder twyfel sal Breytenbach se oortuiging dat bevryding en demokrasie op die mees basiese vlak deur elke individu of groep gesoek moet word, in die proses wat op alle Suid-Afrikaners wag 'n belangrike waarheid bly. Afgesien daarvan kan 'n mens *Return to Paradise* ook lees vir die knorrigheid waarmee allerlei openbare figure bejeën word, die energie waarmee Breytenbach sy woedendste en ook sy verdrietigste woorde spreek.

boeke aan die feestafel...

Koos Human

Walter Sisulu

Carl Niehaus

WILLIAM PRETORIUS
lees die tekens van die tye

DIE bekendstelling aan die einde van die jaar van Carl Niehaus se *Om te veg vir hoop* (Human & Rousseau), was 'n historiese okkasie - as jy met histories verstaan die bymekaarkom, vir 'n oomblik, van uiteenlopende simbole.

Niehaus se my-lewe-in-die-struggle-outobiografie is bekendgestel deur Koos Human, wat die ANC-SAKP-Cosatu Alliansie waarskynlik sou beskou as die uitgewer-as-big-business (Slovo se "bose base"?) Die bekendstelling was in Exclusive Books in die gegoede Hyde Park, Johannesburg, wat dieselfde alliansie waarskynlik sou beskou as die boekwinkel-as-big-business.

Dit was Exclusive se grootste boek-bekendstelling ooit, volgens 'n werknemer, met sowat drie honderd genooide gaste. Daar was 'n gratis kroeg, keurige kos, en die tafels is versier met geel, groen en swart servette.

Daar naby het 'n restaurant 'n muzak-weergawe van "Memories" uit die musiekspel *Cats* gespeel. Binne die boekwinkel was die herinneringe emstiger. Niehaus het hulde gebring aan Beyers Naudé en Bram Fisher. Die genooide spreker, Walter Sisulu - wat vir Mandela ingestaan het - het hulde gebring aan Niehaus. Woorde soos "comrades" en "history" het ons bewus gemaak van watter plegtige geleentheid dit is. Hoewel nie sonder humor nie - die ANC se verhale is lank onderdruk, en dis lekker om stories te vertel.

As daar 'n oorheersende simbool was, was dit "fees". Exclusive Books in Hyde Park is waarskynlik die grootste boekwinkel in die land. Boeke is gerangskik vir reklame-sigbaarheid: die Uitgewers se Keuse vir Kersfees, 'n wetenskap-promosie. In 'n pikante kombinasie van seks en politiek was daar links van Sisulu 'n hoop boeke in plastiek gehul, 'n erotiese antologie wat 'n paar jaar gelede ondenkbaar sou wees.

As boeke oor die struggle 'n sin vir optimisme het, vir bevryding, geld dit op 'n manier ook die boeknywerheid. Sensuur is op die agtergrond geskuif. 'n Groot verskeidenheid sekstekste word beskikbaar.

En Vikram Seth was, simbolies, daar uit Brittanje - 'n aanduiding dat ons nie meer in kulturele afsondering verkeer nie. Hy was onlangs die middelpunt van 'n twis. Sy roman, *A Suitable Boy*, 'n omvattende ontleding van Indië deur middel van 'n gesin, is nie vir die Bookerprys benoem nie. Te toeganklik, te populêr, nie letterkunde nie, het sommige gemeen. Salman Rushdie het dit glo 'n Indiese soapie genoem. Seth is korter as wat mens gedink het en lyk vriendelik, goedgemanierd.

Maar daar is 'n spook by die banket: stygende pryse. Oorsese boeke is byna onbekostigbaar. As die Federasie van Druknywerhede se voorstelle aan die Raad van Handel en Tariewe aanvaar word, sal die prys van ingevoerde boeke met 20 persent styg. Plaaslike boeke is ook nie goedkoop nie. Ons sal almal bedelaars by die fees word - net toe die feestafel, danksy toeskietlike sensuur, 'n nuwe politieke bedeling en 'n oplewing in Suid-Afrikaanse skryfwerk, meer ryklik belaai as ooit kon word.

'n man met 'n morele oor

More Conversations deur John Bishop,
Uitgegee deur Viking
Prys R89 99

MARTIE MEIRING

As 'n uitgesproke en soms seker moedswillige kritikus van John Bishop - hoofsaaklik omdat hy so meesmuilerig praat en met geleentheid deksels hooghartig teenoor vroue is, moet ek nou bekering bely.

Bishop op papier, en veral met die inleidings tot sy onderhoude wat in *More Conversations* verskyn, is van die beste leesstof van die laaste tyd: gesofistikeerd, uitstekende, áánsteeklike Engels en pittig daarby. Bishop het 'n sestiental onderhoude en 'n slothoofstuk herinneringe van die uitsaaiwese in die bundel ingesluit. Bishop die joernalis is goed ingelig, goed onderleg. Sy vrae is direk en ondersoekend en op 'n benydenswaardige manier kry hy direkte antwoorde. Soos in die onderhoud met Auberon Waugh, gevierde Britse rubriekskrywer en voormalige satiris van *Private Eye*, word die lakoniese amper verloopte antwoorde besonder insiggewend. Aanhangers van Waugh (pleit skuldig) kry op dié omwegmanier die versekering dat die skrywer ná sy outobiografie nog genoeg fut het om voort te gaan. Onderhoude met die vermeende fascis David Irving en met die uitgesproke kommunis Chris Hani kon 'n gewisse selfingenomendheid van Bishop openbaar en dis wat die leser so deksels beïndruk: dat Bishop net stuurman is en sy onderwerp die sterstatus behou.



Bishop se omvang sluit in: biskop Tutu, Harry Oppenheimer, Eugene Terre Blanche, advokaat Dikgang Moseneke en, onverwags, met Marion Sparg, die gewese joernalis wat vir terreurdade tronk toe is. Moraliteit is 'n tema by Bishop. En pleks dat dié aspek oordrewe of skynheilig voorkom, word dit amper 'n sleutelvraag om die motivering en wêreldbeskouing van die antwoordgewer uit te lig. Sy onderhoud met koerantredakteur Ken Owen werp veral lig op die joernalis se liberale leitmotif, ook die pad wat Owen geloop het om tot hierdie oortuigings te kom.

Op onderhoudende wyse het Bishop 'n historiese perspektief gegee op die laaste paar jaar in Suid-Afrika, en dit dan ook ingeklee met vleis en bloed deur die persoonlike vrae wat hy aan sy onderwerpe gestel het.

die boeke wat 1993

Watter drie boeke het vanjaar vir jou die meeste beteken? Vrye Weekblad het 'n uiteenlopende groep boekliefhebbers gevra om hul keuses te gee. Vergelyk 'n bietjie jou lysie met hulle s'n ... en kry sommer 'n paar voorstelle oor wat jy in die vakansie kan lees

Frank Bailey, resensent en redakteur van die "ondergrondse" tydskrif *New Edge*

1. *Live from Golgotha* deur Gore Vidal. Vidal, so spitsvondig en skerp soos altyd, bekyk die kruisiging uit die oogpunt van die hedendaagse massa-media. *Live from Golgotha* is deurgaans amusant, stem jou dikwels tot nadenke, en het 'n lewenskragtigheid wat sedert *Myra Beckinridge* grotendeels ontbreek in Vidal se werk.

2. *Red Mars* deur Kim Stanley Robinson. Die skrywer versmelt die ou "sense of wonder" van wetenskapsfiksie met 'n eietydse, high-tech benadering om te verseker dat dié boek, die eerste van 'n trilogie, van die eerste tot die laaste bladsy boei. Die lang, moeisame proses om Mars leefbaar te maak begin hier, en jy ervaar die probleme van sommige van die hooffigure wat daarby betrokke is. Ek kan nie wag vir die tweede deel nie.

3. *Jurassic Park* deur Michael Crichton. Die boek is onlangs weer uitgereik om munt te slaan uit die rolprent. Die skrywer van The Andromeda Strain takel die dinosouriër-probleem. Ondanks Spielberg se gesinsgerigte rolprent is Jurassic Park 'n goed saamgestelde roman wat my tot die einde geboei het, met net die regte mengsel van "harde" wetenskapfiksie en ultra-geweld.

Chris Barnard, skrywer

My drie spesiale boeke vir vanjaar:

• Lyall Watson se *Supernature*. 'n Boek soos dié skiet 'n mens se kop oop. Die groot en onbegryplike wonders van die natuur wat oomblik ná oomblik voor ons blinde oë en onder ons dom voetsole voltrek word, word in dié boek vir leke soos ek openbaar gemaak en verduidelik.

• Alexander Strachan se *Die jakkalsjagter*. Een van die min Afrikaanse romans wat dit regkry om sy leser te boei deur wat nié vertel word nie. Soos die jakkals waarna hier gesoek word, so bly ontglip iéts in die boek jou net-net - heeltyd net-net.

• André P Brink se *Inteendeel*. Sy *Kreef*-boek was vir my 'n bietjie dik vir 'n daalder, letterlik en figuurlik. Maar hier is hy weer op sy beste. So 'n vrugbare verbeelding soos wat dié man darem het! Hy bewys weer eens met hierdie roman hy is 'n verteller soos min ander in Afrikaans.

Kerneels Breytenbach, aangewese hoofbestuurder van Human & Rousseau:

Vergeet ter wille van die vrede eers van Suid-Afrikaanse publikasies, en beskou die manjifieke *The Secret History* van Donna Tartt as gelees en gate uit geniet. Die drie boeke waaruit ek andersins vanjaar die meeste plesier en stigting gehaal het, is:

• *Miss Smilla's Feeling for Snow*, 'n speurroman deur die Deense skrywer Peter Hoeg. Miss Smilla is 'n Groenlander wat sneeu kan lees soos 'n Boesman bokspore - en wat sy hier in die sneeu lees, is 'n moord op 'n seuntjie.

• *Strip Tease*, 'n speurroman deur Carl Hiaasen. Hiaasen is die natuurlike opvolger van Richard Condon: bisarre humor, 'n groen bewussyn en 'n onstuimiger verbeelding as 'n nagklub vol dronkgatte. *Strip Tease* speel af in die klub The Eager Beaver, om mee te begin.

• *Intimiteiten*, essays waarin Gerrit Komrij (vanjaar se wenner van die PC Hooft-prys) ná jare van verset langtand dog verbete sy persoonlikste beskouings verklap.

Stephen Gray, skrywer en literator:

Die studie van die jaar was wat my betref David Sweetman se biografie *Mary Renault* (Chatto and Windus). Al is dit vol feitefoute, laat dié portret van die skaam en beskeie skrywer van blitsverkopers soos *The Kind Must Die* haar in al haar glorie lewe, tesame met heelwat van die Suid-Afrikaanse lewe wat verlore gegaan het.

Daar is twee romans wat vir my altyd spesiaal sal bly - Nuruddin Farah se *Gifts* (Baobab) en Norman Rush se *Mating* (Vintage). Hoewel die eersgenoemde in Somalië afspeel en die laasgenoemde in Botswana, hou albei 'n tersake verband met die ou Suid-Afrika, en is albei werklik voortreflik geskryf.

Joan Hambidge, digter, rubriekskrywer en literator:

As boekresensent lees 'n mens uiteraard nie langer vir jou plesier nie. Inteendeel. Lees is jou werk - en juis hierom dink ek 'n boek wat kan indruk maak bó ander het daardie "iets". So 'n indrukwekkende roman is Eben Venter se *Foxtrot van die vleiseters* (Tafelberg), wat ek wil uitsonder as 'n onthou-boek: die kaleidoskopiese manier van vertel, die afwisseling van humor en erns en die eiesoortige blik op ons

jy sal onthou

samelewing is imposant.
Douglas Reid Skinner se *The Middle Years* (Carrefour) is 'n belangrike digbundel, en veral die ambivalente vers oor die vader "Memory & Forgetting" sal my altyd bybly.
Dale Peck se Aids-roman *Fucking Martin* (Chatto & Windus) is ook 'n boek wat lank ná die lees daarvan in 'n mens bly broei. Veral die hantering van tyd en fantasie word só bedrewe hanteer.
Maar hoewel ek net drie hoogtepunte mag noem, keer ek altyd terug na geliefde skrywers, en vanjaar het ek vir die eerste keer Saul Bellow se *Herzog* gelees, én die mooiste gedigte van TT Cloete, Johann de Lange, en Antjie Krog se vroeër onderskatte bundels.

Ronnie Kasrils, voormalige senior bevelvoerder van Umkhonto we Sizwe en lid van die Uitvoerende Komitee van die ANC en die SAKP.

My drie beste boeke vanjaar is:
• *The Porcupine* deur Julian Barnes, 'n verpletterende insig in die sielkundige samestelling van 'n Oos-Europese diktator en sy teenstander, die pas aangestelde staatsaanklaer. 'n Merkwaardige tweestryd vind plaas (beter as die beste hofdrama) namate die een die sosialistiese stelsel met gebreke en al verdedig en die ander dit probeer uitmekaarskeur.

• *The Downing Street Years* deur Maggie Thatcher - 'n boeiende insig in mag. Niks wat sy gedoen het, was ooit verkeerd nie. Sy het al die wonderlike mense in haar kabinet aangestel - wat toe later alles verkeerd gaan staan en doen het. Interessant!
• *The Scarlet Pimpernel* deur die barones Orczy. Die boek is aan my geskenk deur 'n Britse diplomaat, wat in my oor gefluister het: "The Red Pimpernel, I presume." Ek sê toe: "They seek him here, they seek him there, they seek him everywhere." 'n Wonderlike vriendskap het daarop gevolg. Die boek is 'n heerlike sentimentele romanse, hoewel dit effens embarrasserend raak in die verwysings na die histeriese gepeupel om die guillotine en die desperate pogings om aristokrate van onthoofding te red!

Barbara Ludman, joernalis van die *Weekly Mail*:

Ek is verslaaf aan rillers omdat hulle verhale en 'n vinnige pas het, en die goeie ouens wen gewoonlik. 'n Goeie voorbeeld was Carl Hiaasen se *Native Tongue*. Hiaasen skryf off-the-wall rillers oor suidelike Florida, gevul met die ongure, waansinnige uitvaagsels waarmee dié landskap bestrooi is. Elmore Leonard skryf ook oor Florida sleaze, maar hy skryf ernstige boeke, soos George Simenon. Hiaasen se boeke is so skreeusnaaks dat 'n mens dit amper nie kan verduur nie.

Die reklame-bohaai oor Donna Tartt se *My Secret History* het my daarna laat kyk - en toe kon ek dit nie neersit nie. Dit gaan oor 'n groepie (meestal) ryk en briljante studente wat, wanneer die boek begin, een van hul kring vermoor.
The Fifties deur die oud-joernalis David Halberstam gee jou 'n politieke, kulturele en maatskaplike geskiedenis van die era en hy bewys dat dit geen vlietende politieke seepbel was nie, maar - ten minste vir die VSA - die kerndekade van die eeu. In kort hoofstukke behandel hy van Elvis Presley tot Martin Luther King, van die CIA en Die Pil tot Harley Earl, die ou wat vinne op motors gesit het. John Le Carré se *The Night Manager* staan nou al twee weke op my boekrak en ek het dit nog nie oopgemaak nie, wat jou net wys hoe boeiend geskiedenis kan wees.

Elza Miles, kunstenaar en kritikus:

Die lewensverhaal van Eddie Roux, *Rebel Pity*, verskyn ná sy dood. Elkeen wat bekend is met Roux se geskiedskrywing in *Time Longer than Rope* sal weet wat ek bedoel wanneer ek na die meevoerende gang van dié teks verwys. Onder die lewendige verteltrant skuil die tragiek van die enkeling: vervreemding van sy Kommunisteparty-genote en dan aan die einde van sy lewe die genadelose ingryping van die staat, wat hom verbied het om met sy werk aan die Universiteit van die Witwatersrand voort te gaan. In sy afsondering maak Roux tuin en doen hy grasnavorsing. Nêrens is daar 'n teken van selfbejammering of 'n selfvoldane prekery nie, maar orals pols 'n warm menslike teenwoordigheid.

By dié lees van Axel-Ivar Berglund se *Zulu Thought-patterns and Symbolism* het ek besef dié werk is my gids in die mitiese landskap waarin ek die "self" nog kan ontdek. Vir my is dié stuk navorsing net so belangrik as *From Primitive to Zen* van Mircea Eliade. Miskien sal dit die boek word wat vir 'n lang ruk elke jaar op my kortlys van belangrike boeke gaan verskyn.
Ek wag al lank op die verskyning van Dina Cormick se boek oor die Natalse beeldhouers, *Bernard Gowensa and Ruben Xulu*. Sonder basuingeskal - net soos dié twee kunstenaars die Rooms-Katolieke kerke in Natal en elders van kuns voorsien het - het die boek vanjaar verskyn. Die sensitiwiteit waarmee Cormick die lewensverhale van Gowensa en Xulu op die Natalse platteland oorvertel, bly 'n besondere leeservaring. Die gegewe kon so maklik verstar het in akademiese grootdoenerigheid.
'n Verhaal wat ek net nie uit my gedagtes kan kry nie, is "Die storie van my pa" in Koos Prinsloo se *Wetfeling*. Sou dit wees omdat ek my kinders herinner wat nooit kon vind wat hulle gestuur is om te gaan haal nie? Of omdat hierdie "storie" van aftakeling vir my die afgryse van gesag blootlê?

John Miles, skrywer:

Die prosa van Michael Ondaatje lees ek met oorgawe. Ek bewonder sy vermoë om so 'n piek van intensiteit in toon te kan handhaaf sonder om in selfstrelende mooiskrywery te verval. Min skrywers sal hom dit kan nadoen. Sy jongste roman, *The English Patient*, geniet dan ook 'n goeie ontvangs. Ek het dit feitlik saamgelees met sy "roots"-boek, die ouer *Running in the Family* van 1982.

F von Breitenbach se sakgroot *Nasionale lys van inheemse bome* met al die kleurryke streekname dra ek vanjaar oral saam, ook om my daaraan te herinner dat al ken ek sommige name, selfs hier en daar die wetenskaplike naam, dan weet ek so te sê niks van die plant nie.

'N BOEK VIR ELKE SUID-AFRIKANER



Die boek waarop die hele Suid-Afrika wag: Carl Niehaus se intens deurvoelde verhaal van die lang pad van selfontdekking en worsteling wat hy moes loop om helderheid te kry oor sy plek as Afrikaner en Christen in die Suid-Afrika van die tagtiger- en negentigerjare.

Dié pad lei hom uit sy beskutte lewe as platteland se seun en teologiestudent tot 'n groeiende afkeer van die apartheidstelsel, lidmaatskap van die ANC, betrokkenheid by dié organisasie se gewapende stryd en 'n opspraakwekkende verhoor wat uitloop op 'n vonnis van vyftien jaar vir hoogverraad.

Slegs sy geloof in 'n beter Suid-Afrika het die uitmergelende tronkjare wat daarop gevolg het, draaglik gemaak.

'n Boek vir elkeen, ongeag sy politieke oortuiging, wat die snel veranderende Suid-Afrika beter wil verstaan.

R34,99

HUMAN & ROUSSEAU
Kaapstad Johannesburg

Beskikbaar by alle goeie boekhandelaars, of bestel regstreeks by die uitgewers by tel 021 - 251280, faks 021 - 4192619.

Maar die jaar is nog nie verby nie. Die boek wat ek met die grootste entoesiasme in Desember wil pak, is Lettie Viljoen se pas verskene *Karolina Ferreira.*

Andries Walter Oliphant, digter, skrywer en algemene redakteur van Cosaw:

My drie boeke vir vanjaar is:

• *Mating,* Norman Rush se roman gesitueer in Botswana in die tagtigerjare. Dis 'n buitelander se blik op suidelike Afrika. Rush skryf met 'n luuksheid van taal oor eros, intellektualisme, armoede en utopiese hunkering. Plek-plek verouderd en irriterend antropologies, maar 'n lekker boek.

• *Darkness Visible* deur William Styron, wat ons *Sophie's Choice* gegee het, is 'n gestroopte memoir van dié gewilde skrywer se reis deur die donkerte van depressie na self-insig en genesing.

• *The Folly* deur Ivan Vladislavic, 'n skreeu-snaakse triomf van die verbeelding.

Hettie Scholtz, bestuurder van Queillerie:

1. *Onwaarskynlike engele* deur Rachelle Greeff. 'n Kragtige, onthutsende bundel gewortel in die alledaagse (oer)werklikheid van die vrou, teen die agtergrond van die eietydse Suid-Afrikaanse werklikheid. Ek het dit in een sitting deurgelees en die res van die nag na die kolletjie op die plafon lê en kyk.

2. *The English Patient* deur Michael Ondaatje, 'n rare kombinasie van spioenasie/oorlogs-/erotiese verhaal in die helderste prosa wat ek in jare gelees het.

3. *The Secret History,* 'n verrassend kragtige sielkundige riller, ryk in tekstuur, deur debuutskrywer Donna Tartt.

Anthony Ward, verkoopbestuurder van The Literary Group:

• *Origins Reconsidered* deur Richard Leakey. 'n Boek wat 'n mens uitdaag en dwing om weer te kyk na die manier waarop jy jou herkoms en essensiële menslikheid beskou. Dié werk is gedagteprikkelend, put eklekties uit ander dissiplines en beweeg van 'n persoonlike verslag na 'n herondersoek van die oorspronge van denke en maatskaplike struktuur na 'n verkenning van die kern van menslike bestaan.

• *Wild Swans* deur Jung Chan. 'n Intens dramatiese persoonlike geskiedenis, wat die lewensverhale vertel van drie geslagte wat beweeg van die Ou na die Nuwe China; van tradisionalisme en angswekkende patriargale instellings deur aanvanklike revolusionêre optimisme na die breindood en brutaliteit wat Mao se skrikbewind en Kulturele Revolusie vergesel het.

• *Birdsong* deur Sebastian Faulks. 'n Verpletterende en omvattende verkenning van potensieel destruktiewe verhoudings, teen die agtergrond van die Groot Oorlog. Om meer te sê sou te veel verklap, maar verlossing en rus kom selde tussen oomblikke van wonderbaarlike deernis, flikkerende hoop en 'n ongeëwenaarde verkenning van liefde, herinnering en menslike verhoudings.

• Ek was ook versot op *The English Patient* van Michael Ondaatje, 'n lomerige, heuningsoet wisselwerking van verhoudings wat die gesogte prys verdien het.

die hype is dood maar grunge bly leef

Deur Christi van der Westhuizen

Nirvana & Pearl Jam

OP soek na nirvana het Kurt Cobain en kie onverhoeds 'n nuwe musiekbeweging in die hoofstroom laat ontspring. Grunge. Ná die dwelmbenewelde hedonisme van techno was dit tyd vir iets nuuts. Iets wat die anti terug kon sit voor establishment - maar sonder dat aanhangers daarvan met antennes op hul koppe en neon-pakkies aan moes rondwikkel.

Nie dat Nirvana werklik iets nuuts begin het nie - Sonic Youth is 'n voorloper; grunge-groepe soos Soundgarden en Mudhoney bestaan al 'n aantal jare. Maar deur Nirvana se onverwagte sukses het hulle die korporatiewe popwêreld bewus gemaak van 'n moontlike Nuwe Groot Geldmaker.

Selfs Nirvana se platemaatskappy, die onafhanklike Sub Pop, het nie verwag dat *Nevermind* die stank van "Teen Spirit" deur die wêreld sou stuur nie. Cobain ook nie. Die eerste teken dat iets aan 't gebeur was, was toe hul "Smells Like Teen Spirit"-video knaend op die Amerikaanse MTV gewys is. En skielik was Nirvana dié groep van 1992.

Hoofstroom-platemaatskappye kon nie glo dat die "Nuwe" Groot Ding so ongesiens by hulle verbygesluip het nie. Popmusiek is deesdae met eendagsvliegies beplak - die groot korporatiewe pop-droom is dus om iets/iemand te kry wat groot genoeg is om 'n fenomeen te wees. Iemand wat voorblaaie kan versier en die dollars kan laat inrol. En grunge het dié droom bewaarheid.

Die platereuse Epic en Geffen Records het Pearl Jam en Nirvana vir groot geld gekoop. Die media het ook wakker geskrik: eens onbekende groepe soos Soul Asylum en Spin Doctors was in elke tydskrif te sien. Die modewêreld - deesdae maar arm aan kreatiwiteit - het die grunge-uniform, wat eintlik maar 'n ouerige straatmode is, aangegryp. Skielik het modelle met check-hemde, geskeurde jeans en vuil hare op cat walks geparadeer.

Nog voor grunge mooi by die hoofstroom ingelyf kon word, is dit egter dood verklaar. Nie oor 'n gebrek aan verkope nie: grunge-plate verkoop flink - Spin Doctors was nommer een in Amerika; Pearl Jam se jongste is die snelste verkopende plaat in Amerikaanse heugenis. Maar die grunge-groepe is minder gretig om aan te pas by die verbruikersvriendelike beeld wat die korporatiewe popwêreld van hulle vereis.

Cobain, die "grunge-pionier", was van die begin af 'n onwillige idool wat eerder net goeie maar redelik onbekende plate wou maak. Ander grunge-groepe is ook nie deur die blink liggies beïndruk nie. Pearl Jam, byvoorbeeld, het slegs een onderhoud (aan Rolling Stone) toegestaan om hul nuwe LP, *Pearl Jam*, te promoveer.

Cobain se neus optrekkery vir roem is paradoksaal: hoewel hy die korporatiewe popwêreld snedig aanval, is tydskrifte deurspek met artikels en skindernuus oor hom. Veral sy huwelik met Courtney Love (van die groep Hole) het perswolwe aan 't skryf gehad. Gerugte oor heroïenverslawing en Love se swangerskap het die twee in die nuus gehou lank ná *Nevermind* ou nuus was. Courtney en Kurt het na die tradisie van John en Yoko/ Sid en Nancy die nuwe poppaar geword wie se "dekadente" manewales die afmetings van 'n soap opera aangeneem het. Cobain se anti-roem-sentimente is deur Love se ywerige selfpromosie ondermyn.

Op Nirvana se jongste, *In Utero*, skree Cobain sy frustrasie uit. *Nevermind* het in Amerika alleen vier miljoen eksemplare verkoop - en met *In Utero* wil hy duidelik sy nuutgevonde aanhangers vervreem. Daarom is talle van die liedjies gewelddadige aanslagte op die oortromme. Cobain gil hees en waansinnig onduidelike lirieke uit. Die kitare klink meestal soos kettingsae wat deur metaal skeur.

Cobain is nie meer lus om saam te speel nie: *In Utero* se eerste snit, "Serve The Servants", open met "Teenage angst has paid off well/ Now I'm old and bored". "Rape Me" begin met "Smells Like Teen Spirit" se openingsnote. 'n Beduiwelde Cobain se trae sang ("Rape me, my friend!") spel sy siening van die popwêreld uit. Dié uitbarstings vertel net een storie: Cobain sal nooit 'n pop-prostituut wees nie.

Die rigting wat grunge insla, kan gemeet word deur na Nirvana en Pearl Jam te kyk. Waar Nirvana se musiek jou tussen die oë skop, is Pearl Jam se jongste heelwat makker. Nirvana hel oor in die rigting van punk; Pearl Jam hou van skoon harde rock. Cobain is introspektief; Eddie Vedder van Pearl Jam kyk na buite en maak kapsie teen die euwels van die wêreld: dwelmmisbruik, geweld, rassisme en die ekologiese krisis word onder die loep geplaas. Dié twee groepe is verby die hip 'n trendy-stadium. Nou herdefinieer hulle grunge individualisties om slegs aan hul eie smake en strewes te voldoen.

Grunge is nie meer 'n enkele bemarkbare kommoditeit nie. 'n Wye verskeidenheid musiekstyle - sommige makliker op die oor as ander - word onder "grunge" ingedeel. Langs die ruwe, vervreemdende Nirvana is Soul Asylum amper bedees. Dié diversiteit van grunge en die konfrontasie van kontensieuse sake maak dit die belangrikste populêre musiek van die oomblik - iets wat die gepoogde kommersialisering daarvan nie kon uitdoof nie. Een ding is seker: die hype is miskien verby, maar grunge nie.

die wederkoms van die wedergeborenes

deur christi van der westhuizen

OORSEE bespiegel kenners tong in die kies oor die herlewing van die tagtigerjare. Hulle noem dit 'n "ironiese herlewing" en brabbel vlytig voort oor die komiese aspekte daarvan.

In Suid-Afrika, egter, is dit heel 'n ander storie. Gewoonlik peins ons oordrewe oor die "twintig jaar vertraagde aksie": as iets nou in New York gebeur, kry ons dit eers oor twintig jaar, sê ons seergemaak. 1993 was egter - minstens aan die musiekfront - 'n jaar van verrassings. Om die waarheid te sê, Suid-Afrikaners het moontlik nog nie só 'n interessante jaar beleef nie: van die een maand na die ander het ons lustig in die jare tagtig én sewentig rondgespring. Oktober, byvoorbeeld, was definitief 1975 met 'n skoot 1981 en 1986; November was 1987; Mei het baie soos 1980 gevoel; April het met tye soos 1981 én 1993 gevoel; Augustus was 'n 1982. En nou, belowe toerpromotors ons, gaan Desember 'n 1977 wees.

Getrou aan die snelle pas van Lewe in die Negentigs, het sekere jare nie eens twee weke gehou nie. Maar vir diegene wat erg nostalgies voel, was daar altyd die SAUK se uitsendings daarvan - só 'n maand ná 'n sekere jaar herleef het.

Ja, vanjaar kon ons nie kla nie: terwyl mense oorsee verlangend gemymer het oor die tagtigs en Duran Duran-CD's gekoop het, het ons hier die herlewing-verskynsel in volle skrikwekkende glorie ervaar.

Daarom kan mens nie verkwalik word nie as jy vir 'n oomblik sug: bring terug die kulturele boikot! As gevolg daarvan het internasionale bewegings ons nou weliswaar eers ná 'n paar jaar getref, en in verwaterde vorm, maar minstens het Smokie-toeradvertensies nie die *Golden Girls* onderbreek nie.

Met dié dat Suid-Afrika nié meer die muishond van die wêreld is nie, het elke verloopte groepie/obskure klubgroep sterre in hul oë gekry: a-ha! 'n land wat dors na internasionale musikante! En promotors se sakke het gebult met wins wat uit uitgehongerde Suid-Afrikaanse gehore gemaak is. Want uitgehonger is ons: kunstenaars wat in die verlede die kulturele boikot verbreek het om hier te kom optree, was min en in elk geval meestal misbaar.

Nou het ons hordes musikante wat nie kan wag om hier te toer nie. Ongelukkig het hulle die volgende gemeen: hulle doen hul hare op indrukwekkende wyse, en het omtrent vyf jaar laas 'n treffer gehad - indien enigsins. 'n Sekere, nie-bestaande groep het selfs herenig vir Suid-Afrika se winkende paviljoene: Boney M het al in 1986 opgebreek. Wonderbaarlik is hulle weer byeen: Liz Mitchell is egter die enigste een van die oorspronklike lede wat steeds 'n smaak het vir "Mary's Boy Child".

Mens kon slegs lag kry oor die fanfare rondom Smokie. Dié groep het hul groot oomblik van roem in die laat-sewentigs gehad. Niemand het ooit weer van hulle gehoor nie. Skielik word hulle wedergebore - vir Suid-Afrika. 'n Smokie-lid het hul SA-toer as 'n hoogtepunt beskryf. Mens kan hom goed glo: in geen ander land sou hulle 'n nasionale toer kon onderneem sonder om uitgelag te word nie.

Omdat die groepe wat in persuitreikings opgehemel word eintlik al geruime tyd nie juis aktief is nie, konsentreer die reklame op die "klassieke" aard van dié kunstenaars se liedjies. Smokie, Boney M, Bonnie Tyler en Foreigner is skielik "klassiek". Die Amerikaanse Atlantic Starr, wat circa 1986 'n klein treffer gehad het, is nou een van die mees "influential groups in contemporary music"; die Britse Imagination, wat in 1981 'n halwe treffer met hul "Just an Illusión" gehad het, het 'n "world-wide musical assault" geloods waarvan nie eens Suid-Afrikaners mooi bewus is nie.

Persuitreikings en onderhoude prys ook die musikante vir hul "longevity". Geen wonder ook nie: Smokie bestaan al agtien jaar, Shakatak dertien jaar, en Boney M het agt jaar lank voortgetjommel voor hulle verdwyn het - en weer opgestaan het uit die pop dumper. Teen 1985, ná vier jaar se "Gloria" en "Self Control", was Laura Branigan uitgespeel - sy leef nou van aanhoudende *Greatest Hits*-uitreikings.

Mens moet seker nie net kla nie: ons het darem groepe oorgehad wat in hierdie jaar suksesvol was. Kyk mens na die kaliber van dié groepe, dan wonder jy tog: 2Unlimited, Undercover, Rage en Dr Alban. Van die spulletjie is Dr Alban die gewildste - maar oor twee jaar gaan jy sy stowwerige CD's vir twee rand kan koop. Crowded House, musikaal gesproke die beste groep wat hier getoer het, het sonder veel bohaai gekom en gegaan.

Duran Duran het die meeste aandag getrek. Destyds was hulle die mees prominente eksponente van daai 80's fenomeen: die Neo-Romantic poseurs met hul lang kuiwe en sci-fi synthmusiek. Teen die einde van die tagtigs het hul gewildheid ernstig begin taan. Die seuns het vir 'n laaste sekonde in die popkalklig gebaai met hul toevallige Amerikaanse comeback vanjaar. En in April kon ons ook smaak wat Britse tienderjariges in 1981 tot histerie gedryf het.

Dis uiters gepas dat juis hulle toer die belangrikste vanjaar was. Die ironiese herlewing van die tagtigs - 'n dekade van herlewings - het Suid-Afrika dus ook getref via Duran Duran. Maar dis die enigste verdienste wat gevind kan word in die toere wat ons moes oorleef. Die slagoffer van die belaglike ophemeling en verkoop van krakerige groepies is natuurlik die toeskouer. Maar viva verbruikersweerstand: LaToya Jackson (luidkeels by ons afgelewer - amper asof dit vir Wacko Jacko se wegbly-aksie sal opmaak) speel voor leë huise. Suid-Afrikaners is nou nie meer niksgewoond nie - volgende jaar sal toerpromoters moet uithaal en wys.



Dis nou te sê as Abba nie 'n wederopstanding beleef nie...

Vanjaar diep Hollywood romantiese mites met hernieude ywer op - en bewys sommer terselfdertyd die dollar het die laaste sê

die jaar van die dollar

deur christi van der westhuizen

Richard Attenborough, Jeff Goldblum, Sam Neill en Laura Dern in *Jurassic Park*

1993 was by uitstek die jaar toe Hollywood diep moes grawe vir nuwe filmidees. Keer op keer het regisseurs hul gewend tot die romantiese: hetsy in verhoudings, die uitbeelding van bekende figure se lewens of 'n cliché-agtige romantisering van die verlede. Dis ook die jaar waarin die verpakking van 'n film op 'n groter skaal as ooit tevore gebeur het.

As mens van Steven Spielberg se *Jurassic Park* praat, gaan jy onvermydelik syfers ophaal - hoeveel die regisseur verdien het (om en by $100 miljoen); hoeveel MCA/Universal wêreldwyd verdien het (ongeveer $2 miljard); die koste van die film self ($65 miljoen); die Amerikaanse loketverdienste ($299 miljoen); hoeveel Suid-Afrikaners die film gesien het (763 572 mense).

Jurassic Park dien as vingerwysing vir die Amerikaanse filmbedryf: spesiale effekte het die plek van 'n goeie storielyn/toneelspel ingeneem. Hoewel daar ná dese geen twyfel kan bestaan oor Spielberg se vaardigheid as aksiefilmmaker nie, was *Jurassic Park* 'n film sonder binnegoed. Waar sy *ET* die massas geroer het, het *Jurassic*-filmgangers "wow!" gesê en daarna vergeet daarvan. (Interessant was die animasiefilm *Aladdin* veel gewilder in Suid-Afrika - ook by volwassenes, volgens Ster-Kinekor.)

Die kommersiële fanfare om die film was om van naar te word: reeds drie maande voor die uitreiking daarvan in Amerika was *Jurassic Park*-goedere te koop. Ook in Suid-Afrika kan mens enigiets van waterbottels tot verjaardagkaartjies met *Jurassic*-embleme op koop.

Jurassic Park bewys dat mens met goeie tydige bemarking enigiets van die hand kan sit. Dis 'n triomf vir Hollywood se advertensiemasjinerie en hul spesiale effekte-tegnici - en nie veel meer nie.

Michelle Pfeiffer in *Love Field*

HOLLYWOOD SE GEBREK aan eie idees het vanjaar gespreek uit nie minder nie as drie Amerikaanse weergawes van Europese films. Die Franse *La Femme Nikita* en *The Return of Martin Guerre*, en die Vlaamse *The Vanishing* is opgesous en blink verpak as onderskeidelik *Point of No Return*, *Sommersby* en nóg 'n *The Vanishing*. Om aan te pas by die Hollywood-resep vir lokettreffers, is spesifiek The Vanishing só verander dat wat eens 'n slim psigologiese riller was, tot 'n onoortuigende derderangse film mismaak is. 'n Gelukkige einde is aangeplak - maar sonder veel sukses.

Ou films en TV-programme is ook opgediep: *Night and the City* met Robert De Niro en Jessica Lange is gegrond op 'n 1950-film met dieselfde naam. *The Fugitive* was eens 'n gewilde TV-reeks in die sestigerjare. Vanjaar het Harrison Ford die hoofrol vertolk met Tommy Lee Jones as die speurder op sy spoor. Waar *The Fugitive* met spanningsvolle tydsberekening en 'n onvoorspelbare einde die beste aksiefilm van die jaar was,

Michael Douglas in *Falling Down*

Tommy Lee Jones in *The Fugitive*

was *Night and the City* langdradig en rigtingloos.

Gelukkig het Hollywood die topverkoperskrywer John Grisham ontdek: *The Firm* herdefinieer die sameswerings-riller-genre: die idee van "iemand beheer jou lewe - en dis nie jy nie" kon gesien word in dié Sidney Pollack-film. Maar "aanhouer wen indien hy edele motiewe het", verseker Hollywood ons - selfs wanneer hy met onsigbare onheilighede gekonfronteer word. En net voor ons gedink het die yuppie is 'n uitgestorwe spesie, bewys die ewig gladde Tom Cruise die teendeel.

In die rillergenre het *In the Line of Fire* die Amerikaanse obsessie met die Kennedy-saga vanuit 'n ander hoek bekyk: Clint Eastwood, verrassend weerloos in dié rol, kon homself nie vergewe dat hy nie sy liggaam destyds voor die koeël ingewerp het nie. John Malkovich, as 'n aspirant-presidensiële sluipmoordenaar, was sonder twyfel die filmboef van die jaar: sy fyn genuanseerde psigotiese spel ewenaar dié van Anthony Hopkins in *Silence of the Lambs*.

Die donker *Jennifer 8* was jou atipiese moordriller: slegs een hulpelose naakte vrou is in die film gesien - en sy oorleef! Definitief 'n vars idee vir Hollywood, sou mens sê.

Niemand sou ooit kon dink Clint sou filmtendense beïnvloed nie, maar Mario Van Peebles se *Posse* het onderneem om die ware verhaal van die Wilde Weste *à la* Eastwood te vertel. *Posse* was op die ou end 'n blink film met sexy cowboys en indrukwekkende kinematografie. Die genre is definitief opgekikker - maar vroue skuil steeds onder waens wanneer die koeëls begin fluit.

NORA EPHRON SE *Sleepless in Seattle* was 'n onverwagte lokettreffer wat dui op 'n nostalgiese terugkeer na die goue dae van groot filmromanses toe "mense bedoel was vir mekaar". Dat ons in die Aids-era lewe, kon nie misgekyk word nie: Meg Ryan en Tom Hanks hunker amoreus na mekaar, maar *Sleepless in Seattle* is die mees onfisieke romantiese film in jare. Die enigste sigbare velkontak was 'n hande-vat in die slottoneel.

Indecent Proposal, van *Fatal Attraction*-regisseur Adrian Lyne, was ook hoegenaamd nie so indecent soos mens gewens het nie: nie eens die miljoen dollar rondjie seks is gewys nie. Romantiek seëvier ook hier met "ware liefde oorwin alles".

Dít was ook die tema van Francis Ford Coppola se neo-gotiese *Dracula* - 'n film waarvan die fleurige kostuums lank onthou sal word. Coppola se voorstelling van *Dracula*, gewoonlik maar 'n onsimpatieke figuur, was romanties in die ekstreem: hy swerf deur die eeue op soek na sy ewige liefde en sterf eers wanneer hy haar vind.

John Malkovich in *In the Line of Fire*

BIOGRAFIESE FILMS het vanjaar weer eens hul onderwerpe opgehemel - maar darem nie in dieselfde sikofantiese en ideologiese trant as Oliver Stone se *The Doors* nie. Brian Gibson se *Tina, What's Love got to do with it* het Turner se gebreke vriendelik uitgelaat om eerder op haar gewese man Ike se tálle karakterdefekte te konsentreer. Die film het gelyk asof dit vir televisie gemaak is: Laurence Fishburne en

Mario Van Peebles in *Posse*

Angela Bassett se spel het gelukkig vergoed vir die verbeeldinglose aanbieding.

Spike Lee se *Malcolm X* was 'n vervelige, onuitsonderlike kêrel: ook hier het ons 'n filmmaker wat, soos Richard Attenborough met sy *Chaplin*, verkies om nare feite te verswyg ten einde 'n geskiedkundige figuur in 'n meer rooskleurige lig voor te stel.

Lee se *Jungle Fever*, aan die ander kant, is 'n realistiese uitbeelding van "liefde oor die kleurgrens heen" - in teenstelling met Jonathan Kaplan se *Love Field*, wat gerieflik in die sestigerjare gesitueer is. Gevolglik is die gebeure daarin uitgebeeld (liefde tussen 'n wit vrou en 'n swart man) verwyderd, wat dit minder werklik maak. *Jungle Fever* konfronteer kontensieuse sake sonder omhaal, en skets 'n pessimistiese prentjie in 'n tyd wanneer mens moontlik mag dink dat vooroordeel iets van die verlede behoort te wees. *Made in America* het ook die onderwerp aangevat - maar op 'n komiese en uiteindelik niksseggende wyse.

Hollywood het darem nie volkome in 'n swapeparadys geleef nie: in *Falling Down* het Joel Schumacher die gefrustreerde tydsgees vasgevang. Michael Douglas het uiteindelik sy *niche* gevind as 'n wanhopige burokraat wat deur die lewe gemáál is. Sy wanhoop word vergestalt wanneer hy daaglikse irritasies geweldadig uit die weg ruim.

Die "wonderkind" Steven Soderbergh (van *sex, lies, and videotape*-faam) was ook verantwoordelik vir 'n amperse dirty reality-film - hoewel goud-getint kyk *King of the Hill* indringend na die sielkundige rypwording van 'n jong seun tydens erge fisieke ontbering en snobistiese verwerping deur die samelewing. *Jack the Bear* handel oor jong kinders se kennismaking met rassisme.

Robert Redford se *A River Runs Through It*, wat uiters gewild was in Suid-Afrika, behandel die sielkundige wisselwerking in 'n repressiewe, patriargale gesin. In die proses het Redford sommer 'n groen boodskap - die enigste in Hollywood-films vanjaar - ingesmokkel.

Mary McDonnell en Alfre Woodard in Passion Fish

Winona Ryder en Gary Oldman in *Dracula*

Victoria Abril en Jorge Sanz in *Lovers*

en die kampioen is campion

deur christi van der westhuizen

'n Opvallende leemte in die Hollywood-oes van 1993 is goeie, stewige rolle vir vroue. Daarom is John Sayles se *Passion Fish*, 'n onafhanklike Amerikaanse produksie, 'n belangrike afwyking van Hollywood-patriarge se "vroue verkoop nie daarom gee ons hullê nie hoofrolle nie"-filosofie. Mary McDonnell en Alfre Woodard speel albei komplekse vroulike karakters wat in geen stadium hul borste hoef te skud nie. Die twee mense se gewaarwordinge omtrent hulself en die proses wat daartoe lei, word fyn gehanteer deur Sayles. Die kinematografie is ook nie verwaarloos nie - Sayles se filmiese komposisies getuig van 'n ryke verbeelding en vindingryke aanvoeling. Wat betref 'n goed deurdagte storie oortref *Passion Fish* die Hollywoodfilms van 1993.

Dis opvallend dat regisseurs met kleiner begrotings (en dus minder onkoste om te verhaal), soos Soderbergh en Sayles, meer kreatief kon wees. Hulle hoef nie die grootste gemene deler se (taamlik twyfelagtige) smake in ag te neem nie - en is ook nie bang om filmgangers vir 'n oomblik te laat stil sit en dink nie. Hulle onderskat nie kykers se intelligensie nie en glo duidelik nie die hoofdoel van 'n film is om te vermaak nie. (Tog slaag hulle daarin om wel te vermaak.)

Die gevolg is opregte films oor realistiese mense. Films soos dié bied die kyker 'n blik op 'n ander werklikheid. Aan die een kant bied dit ontvlugting; aan die ander kant is dit 'n betekenisvolle belewenis. *Jurassic Park*, internasionale lokettreffer van die jaar, is miskien 'n lekker fantasievlug - maar nie veel meer nie.

DIE Nieu-Seelandse regisseur Jane Campion het haar vanjaar bewys as een van die belangrikste van die nuwe geslag regisseurs. Sy het die 1993 Cannes Goue Palm gekry vir haar film *The Piano*, wat manlike seksualiteit in die negentiende eeu ondersoek. (Dit wys vroeg aanstaande jaar hier.)

Suid-Afrikaners kon haar *An Angel at my Table* sien: 'n sensitiewe, onsentimentele biografie oor die "mal skrywer" van Nieu-Seeland, Janet Frame. Campion se beskrywing van die sosiaal-onbeholpe Frame, verkeerd gediagnoseer as 'n skisofreen, boei en roer die kyker deurgaans. Campion is subtiel, maar tref die kyker in die maag, hart en brein.

Die aktrise Kerry Fox is 'n merkwaardige nuweling. Behalwe vir haar rol as Janet Frame was sy ook in die hoofrol van Elaine Proctor se *Friends* te sien. Fox raak behoorlik weg in 'n karakter: van *An Angel* tot *Friends* het sy 'n totale metamorfose ondergaan. Haar uitbeeldings van karakters is emosioneel ru, maar altyd oortuigend - haar brutale weerloosheid laat jou soms behoorlik agteruit steier.

Suid-Afrika het ook 'n seldsame oomblik van roem in die internasionale filmarena beleef: Proctor, 'n Suid-Afrikaner, se *Friends* het 'n spesiale vermelding in die Canneskompetisie gekry. Die film, oor 'n wit terroris se onthutsing, was in sekere opsigte teleurstellend, maar kragtig - veral Fox, maar ook Michelle Burgers se spel was aangrypend.

'N PEDRO ALMODÓVAR-FILM, *Tie me up! Tie me down!*, was vir die eerste keer in 'n beperkte aantal teaters in Suid-Afrika te sien. Almodóvar vind nie juis by almal aanklank nie - *Tie me up!* is moedswillig kitsch en vol clichés en juis dáárom heerlik vermaaklik. En op 'n skelm manier maak Almodóvar wel 'n hele paar slim observasies oor mense.

Yves Montand en Sekkou Sall in *IP5*

Victoria Abril, die porn-koningin in *Tie me up!*, is aan die

Vincent Pérez in *Indochine*

Valentina Scalici en Enrico Lo Verso in *The Stolen Children*

Kerry Fox in *An Angel at my Table*

einde van Desember in Vincente Aranda se *Lovers* te sien. *Lovers* is aanvanklik slegs 'n soft pornfilm - dit ontaard in 'n ontstellende verhaal oor moorddadige obsessie. Aranda se voorstelling van vroue is twyfelagtig, maar interessant: juis patriargale beperkinge gun hulle die geleentheid om manipulerend te wees.

Die altyd bloue Jean-Jacques Beneix se *IP5* is moontlik sy beste film. Twee inhalige straatkinders (veral die jonge Sekkou Sall blink uit) ontmoet 'n ou man ('n wonderlike Yves Montand kort voor sy dood) wat die sin in sy lewe verloor het en nou (letterlik) daarna soek. Hy vertel hulle "'n lewe sonder liefde is 'n vermorsde lewe" - en verander die kinders, eens op pad na nêrens, se lewens onherroeplik.

Die ander belangrike Franse film van die jaar was Régis Wargnier se *Indochine*. Hoewel dit uit sekere oorde daarvan beskuldig word dat dit kolonialisme, vir oulaas verheerlik, veroordeel die grootse *Indochine* juis die Franse kolonialiste en hul gewaande superioriteit (selfs Catherine Deneuve gesel 'n Viëtnamese werker op 'n skreiend "moederlike" manier). Deneuve is op haar kwesbaarste te sien; Linh Dan Pham is 'n nuweling wat dopgehou moet word. Vincent Pérez vang sy karakter se radikale verandering deur die film met oorgawe vas.

'n Verrassende klein film het vanjaar uit Italië gekom: *The Stolen Children*, 'n Italiaanse neo-realisme-film, vertel die verhaal van 'n kinderprostituut (opgeveil deur haar ma) en haar broer se reis saam met 'n jong polisieman. Die kinders (Valentina Scalici en Giuseppe Leracitano) is ontnugter, op 'n jong ouderdom beroof van onskuld. Hulle is wêreldwys, kru en ongevoelig. Antonio, die polisieman (Enrico Lo Verso), raak bewus van hul onderliggende pyn, en toon deernis: die kinders ontluik voor hom. Regisseur Gianni Amelio se slotsom is somber: die kinders mag miskien 'n oomblik van warmte ervaar, maar die stelsel is só vyandig en ontoereikend dat daar geen hoop vir hulle bestaan nie. Amelio se uitbeelding is egter sonder sentiment; hy suggereer pyn en verlatenheid meesterlik subtiel.

Daar was natuurlik die gewone oes(erige) seksflieks: Louis Malle se *Damage* en Jean-Jacques Annaud se *The lover*. Waar Malle se film net so styf soos sy Britse politikus-



LINDSAY SMITHERS-FCB 8298/E

Juliette Binoche en Jeremy Irons in *Damage*

hoofkarakter is, is Annaud se film 'n vergeefse poging om die sensualiteit van tienderjariges te wys. Die uiteindelike boodskap: vroue se mag lê in hul lywe. O ja, en dit vermietig mans. Vervelig.

Agnieszka Holland (van *Europa Europa*-faam) is terug met 'n film van Frances Hodgson Burnett se klassieke *The Secret Garden*. Hoewel heeltemal bekwaam, besit *The Secret Garden* nie die noodsaaklike magiese kwaliteit van die boek nie.

Nie-Amerikaanse films voer miskien 'n stryd teen die Amerikaners se goedkoop vermaak - soos nou deur die Franse se aandrang op 'n kwotastelsel bewys is - maar aan kreatiwiteit is daar geen gebrek nie. Filmmakers soos Beneix, Amelio en Campion is die Amerikaners 'n hele end vooruit.

NSO boer vooruit

HENNING VILJOEN

DIE Nasionale Simfonie Orkes se laaste seisoen het gewys daar is ondanks bedenkings oor die voortbestaan van eurosentriese kuns 'n groot groeiende belangstelling in klassieke musiek. Laas voor die koms van televisie was die belangstelling so groot dat simfoniekonserte herhaal moet word en dat die Johannesburgse Stadsaal twee aande ná mekaar gevul word.

Die belangstelling is seker gebore uit 'n vrees dat die konserte kan verdwyn. Tog glo ek dit is grootliks te danke aan Richard Cock, NSO-musiekdirekteur, se verbeeldingryke programme en sy vernuwings soos die praatjies voor konserte en die wynkroeg, 'n heerlike bymekaarkomplek vir lykskouings oor die konsert.

Sedert die vorige Internasionale Klavierkompetisie met die klomp Russiese wenners en die vorige seisoene waarin Rachmaninoff en Prokofief baie prominent was, kom ons net nie weg van die Russe nie. Dié seisoen, grootliks gewy aan musiek van Tsjaikowski ter herdenking van sy honderdste sterfjaar, het ook nog uitmuntende Russiese kunstenaars opgelewer wat uitsonderlike musikale hoogtepunte verskaf het - in die konserte, eerder as in die simfonieë.

Die Russiese tjellis David Geringas met Omri Hadari as dirigent het Dvorak se tjellokonsert meesleurend vertolk, terwyl die Russiese horingspeler Shamil Loutfrakhmanov met Wolfgang Bothe as dirigent die gehoor oorrompel het met sy tegnies virtuose vertolking van Gliere se Horingkonsert. Minder gelukkig was die Russiese pianis Oxana Yablonskaya se "totale aanslag" op die klavier in Tsjaikowski se drie klavierkonserte en in sy Fantasie vir Klavier en orkes.

So kort op Michael Ponti se hakke hoop ek dis die einde van pianiste wat 'n klavier wil stukkend slaan eerder as om musiek te maak. Die Russiese eer is darem weer gered met die dirigent Pavel Sorokin se manjifieke uitvoering van Tsjaikowski se Pathetique Simfonie. Is dit nie moontlik om dié begaafde jong dirigent as hoofdirigent van die orkes te kry nie? Die uitvoering van Mozart se Sinfonia Consertante met Sorokin was musikaal afgerond en 'n bewys van die ryke talent wat die orkes in eie midde huisves.

In teenstelling met die Suid-Afrikaanse violis Gina Beukes se aggressiewe, soms onnet uitvoering van Tsjaikowski se vioolkonsert, het Pieter Schoeman weer tot die redding gekom met 'n briljante en musikaal verantwoorde uitvoering van Prokofief se Vioolkonsert No 2.

Die hoogtepunt der hoogtepunte was egter die Koreaanse violis Dong-Suk Kang se meesterlike vertolking van Beethoven se vioolkonsert. Dié uitvoering sal 'n mens lank bybly as 'n norm waarteen ander uitvoerings selfs op plaat gemeet kan word.



sport

bloed, sweet

LOUIS KIRSTEIN sit op die paviljoen en kyk na die oorwinnings en nederlae van 1993

DIT was 'n jaar waarin sporthelde geval het en nuwes ontdek is. Afgesien van die Argentynse rugbytoer was dit maar 'n taamlik droewe jaar vir ons rugbyspelers op die internasionale speelterrein.

Krieket het vanjaar amper gewilder geword as rugby, terwyl sokker van die een skandalige wedstryd na die ander geploeter het.

Ons enigste hoop in die bokskryt, Dingaan "die Roos van Soweto" Thobela, het nie net sy geveg teen die Rus Ozubek Nazarof verloor nie, maar ook die binnegevegte tussen sy promotors Gerrie Coetzee en Rodney Berman.



Dingaan Thobela

BOKS: Die Roos van Soweto, Dingaan Thobela, verloor sy titelgeveg teen Ozubek Nazarof. Hy hou sy promotor, Gerrie "The Champ" Coetzee, verantwoordelik vir die nederlaag en wend hom weer na sy vorige promotor, Rodney Berman. Dalk moes Thobela maar eerder in Soweto gebly het as om na die noordelike voorstede van Johannesburg te verhuis.

Jonty Rhodes

Daryll Cullinan

KRIEKET: Kaptein Kepler Wessels het vanjaar weer onder druk gekom oor sy stadige kolfwerk in eendagkrieket, terwyl die jonge Jonty Rhodes die skares oorsee en plaaslik op hul voete het wanneer dit net lyk of hy na 'n bal hardloop.

In Indië word hy verwelkom met die opskrifte "the Eagle has landed" en nadat hy van vyf Wes-Indiërs in een wedstryd ontslae geraak het, dreunsing die skare sy naam. Hy vestig hom ook as 'n kolwer in die span wat Suid-Afrika in meer as een wedstryd uit die penarie kolf.

Sy spanmaat Daryll Cullinan kolf homself met 'n ongelooflike 337 lopies in Johannesburg in die krieketspan in, maar moet weens uitputting in twee wedstryde die handdoek ingooi.

Krieket se grootste oorwinning is nie die span se spel nie, maar die gesindhede wat hulle oral wen. Wanneer laas het 'n eensydige skare soos die Indiërs hul teenstanders toegejuig soos met die afgelope reeks in Indië?

en vreugde

Elana Meyer

ATLETIEK: Elana Meyer, die Suid-Afrikaanse atletiek-wonder, kon toe nie klaarmaak nie. In Augustus in Stuttgart tydens die Wêreld-atletiekbyeenkoms hardloop die 15-jarige Selina Borsosuo van Kenia voor Meyer in en Meyer onttrek haar in trane van die 10 000 meter wedloop.

GHOLF: Ernie Els wen sy eerste miljoen toe hy die Dunlop Phoenix Classic-gholftoernooi in Miyazaki in Japan wen. Els, wat al sowat R4 miljoen met sy setstok verdien het, is die speler wat met die minste geld aan die Sun City miljoen dollar gholftoernooi deelneem.

Francois Pienaar



Uli Schmidt

RUGBY: Die staatmaker van rugby en die enigste haker wat vir sy spel op vleuel onthou sal word, Uli Schmidt, hang uiteindelik die Springbokskoene op en maak plek vir jonger spelers.

Ná 'n dol seisoen, waarin dit maar wipplank gegaan het met die Bokke, praat kenners uiteindelik van 'n kerngroep wat vir die 1995-seisoen gereed is. Na sommige onsinnige keuses vir die Springbokspan kry die keurders en Ian McIntosh dit eers in die toer teen die Argentynse span reg om die bal na die punte te laat loop en selfs 'n wedstryd oortuigend te wen. Hopelik sal die bekommerde uitdrukking op McIntosh se gesig volgende jaar met die reeks teen die All Blacks verdwyn.

Drie nuwe sterre, Naka Drotské, Gavin Johnson en Chester Williams, verskyn in die tweede toets in Argentinië op die toneel en het die rugbywêreld weer aan die praat.

Gavin Johnson

Suid-Afrika behaal die seisoen sy grootste sege nog in 'n toets toe die Springbokke die Poemas met 52-23 klop.

Francois Pienaar ontwikkel as kaptein en een van die beste losvoorspelers wat Suid-Afrika het. Net jammer hy moes in die Curriebeker-eindstryd en in die laaste toets teen die Poemas die veld verlaat en die oorwinning van die kantlyn dophou.

wynproe

vier die wenner met die regte wyn

HENRYNOLTE

DIE aand ná die bekendstelling van die Diner's Club se triomfantlike Wynmaker-van-die-Jaar tokkel vriend Rod trots die twee bottels op ons aandetetafel: Dewetshof Chardonnay Finesse en, glo dit: 'n bottel van die 1985-chardonnay.

"Danie de Wet - Wynmaker van die jaar en Chardonnay-koning," sê Rod ingenome. "En dís die wyn waarmee hy die prys gewen het." Hy beduie na die Finesse met die groen etiket. Die slinkse wynwinkelier had hom so vertel.

"Nee," seg ek. "Ons het die regte wenwyn 'n maand of wat gelede geproe. Dié is van die ou voorraad waarvan die Bergkelder teen weggeepryse (R8,99 by Picardi) ontslae wil raak noudat Danie sy bande met die maatskappy losgemaak het. Dis nie dieselfde wyn nie." Plesierig en drinkbaar, maar nie die wenner nie.

Inderdaad het ons 'n maand of wat gelede die nuwe Finesse (R11,67) bo al die vyf ander chardonnays uit die Dewetshof-kelder verkies. Waarskynlik omdat dié wyn met sy ligte houtaanslag jou mond met 'n vars sitrussmakie betower. 'n Wyn om die somer mee te vier.

Nie dat die ander chardonnays nie in 'n klas van hul eie is nie. Danie ag sy Bateleur (R25) as die top in die reeks: na sy eie smaak uit die beste vaatjies gekeur. Ouer wingerd en goeie houtgisting. Ná 'n jaar of so sal al die nuanses van die somervrugtegeure, naeltjies, kaneel en delikate vanielje ryp word in 'n pragtige vol wyn. Koop nou en bêre.

Die derde chardonnay in die Dewetshof-reeks word genoem Honneur (R19,17). Die wyn is meer fors met genoeg houtkontak ook vir verouder-ing.

Naas die drie Dewetshof-chardonnays, is daar ook drie wyne van die druifsoort onder die Danie de Wet-etiket in 'n laer prysklas. Almal is nietemin ook vier sterre werd, al kos die lekker Bon Vallon - wyn sonder hout met 'n interessante 'gronderige geur" - R8 'n bottel.

Die nuwe Dewetshof-wyne - daar is ook 'n sauvignon blanc (R10), 'n heerlike Rynriesling (R12,50) en 'n dromerige Edeloes (R12,50 vir 500 ml) - het die mooiste nuwe etikette. Die topklas-verpakking tref dadelik die oog tref - heeltemal anders as die ou voorkoms onder die Bergkelder-bewind. Maak dus seker dat jy die regte Finesse aanskaf om te weet waarom Danie de Wet dit so verdien om as die beste wynmaker van chardonnay bekroon te word.

Tydens die aandete vier ons toe saam - in sy en Lesca se afwesigheid, die grand nuwe Wynboer-voorbladfoto van Danie op die tafel. Ons drink die 1985-wyn, een van die bestes in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. In 1987 het die wyn bo derduisende ander uitgetroon op die prestige-wynskou Vinexpo in Frankryk, waar dit as beste wyn bekroon is. 'n Groot, classy wyn, maar het dit die aanslae van die tyd oorleef?

Eers moet 'n mens sê dat Suid-Afrikaanse witwyne nie juis langlewend gemaak word nie. (Ek het wonderlike herinneringe aan 'n 25-jarige Chassagne-montrachet!) En met dié nuwe mode van jongdrinkbaarheid weet ek selfs nie of ons onlangse rooies ook die tyd gaan deurstaan nie.

Die ouer Dewetshof-chardonnay het verbasend goed gehou vir sy agt jaar, maar was waarskynlik so twee jaar gelede op sy beste. Die 1990 is goed drinkbaar, maar dalk weens 'n houterigheid voor nie so verleidelik nie. Die Bon Vallon was duidelik ook 'n wyn wat eerder vars gedrink moet word. Gelukkig had ons die nuwe bottel om jolyt mee te maak.

Danie de Wet is inderdaad 'n baanbreker-chardonnayman en verdien dié eer. In Londen het ons gesien hoe sy wyn wat deur ons vriend Simon Halliday op Sainsbury en ander se rakke beland, duidelik in die Engelse smaak val en goed verkoop.

Maak net seker jy skaf van die "nuwe" wyne aan. Hulle is al so hier en daar in die handel, maar gesels sommer regstreeks met die plaas. Hulle sal 'n pryslys aanstuur en die wyn versend. Tel (0234) 518-543/7. Faks: 51915. (Pryse is soos op die plaas.)

ontdek 'n eetplek

soek en jy sal vind

Die Woodstock
Essexstraat 9
Woodstock
Kaapstad
Tel (021) 477-726

SOPHIA MEYER

DIE Woodstock is 'n gepaste naam vir dié restaurant/kroeg, wat veral die "Grunge"-generasie lok. Dit beteken nie die restaurant is nie hoogs gesofistikeerd nie - 'n groot verrassing in dié deel van Woodstock. Die Woodstock se leuse is: "Die plek om in te wees as jy uit is".

Die restaurant is in 'n gerestoureerde ou huis met koraalpienk mure en turkoois afwerkings op die vloerlyste en deure. Die kroeg van ou Oregon pine getuig van uitstekende vakmanskap. Die houtmeubels skep 'n plaashuis-stemming. Verskeie kunstenaars se werke word uitgestal en is te koop.

Die probleem is om Die Woodstock te kry, want jy moet deur 'n doolhof van eenrigting-straatjies karring om daar uit te kom. Soek maar gerus, dis die moeite werd.

Die atmosfeer is ideaal vir 'n romantiese kersligete of om vriende te ontmoet. Dit is natuurlik tot agtuur in die aand, wanneer die Wilson Rowe-groep jou vermaak met "rock"-ritmes wat nogal luidrugtig kan wees en jou na die dansvloer lok.

Elke gereg op die kort en kragtige spyskaart word sorgvuldig berei deur 'n bekwame kok, Sunshine, wat soms self kom hoor of die maaltyd voldoende was. Daar is voorgeregte, visgeregte, hoofgeregte (tussen R15 en R22), slaaie en nageregte.

Onder die voorgeregte is 'n verskeidenheid slaaie, gekrummelde sampioene en gerookte reënboogforel.

Die visgeregte bestaan uit: steurgarnale voorgesit met peri-peri-, knoffel- of suurlemoenbottersous, tongvis en calamari. 'n Nuwigheid op die spyskaart is "Blackened linefish" - lynvis op 'n Kreoolse wyse gebraai in speserye en kruie wat die vis nie net geurig maak nie, maar ook swart kleur.

Onder die hoofgeregte is 'n vegetariese dis, kruisskyf met 'n romerige sampioen- of barbequesous, pangebraaide varkschnitzel, hoenderburgers en ribbetjies met 'n barbeque-sous. Visgeregte en hoofgeregte word met rys of skyfies voorgesit.

Nagereg is 'n keuse tussen romerige kaaskoek, tuisgemaakte sjokolade "brownies" en aarbeie met room.

My Weskus-mossels in 'n dekadente room-, wyn- en knoffelsous, voorgesit met varsgebakte bruinbrood en 'n Griekse slaai, was ryk en smaakvol en ek het definitief nie kans gesien vir nagereg nie.

My baie honger metgesel het die halwe hoender met 'n geurige peri-perisous en rys geniet. Ek het self daarvan geproe en dit is beslis die beste hoender peri-peri in die Kaap. Die sous is eksoties met 'n effense atjar-smaak as nagedagte - peri-peri, maar pikant en jy kan dit met gemak in die somer eet.

Ons het die maaltyd aangevul met 'n bottel Villiera Sauvignon Blanc. Die uitstekende wynlys sluit ook Villiera se Tradition "Methode Champenoise" in.

Ná die smaaklike en versadigende maaltyd het ons gaan inloer by die buitenkantste kroeg, die "Outta Stock". Die naam verwys beslis nie na 'n tekort aan voorraad nie. Hier geniet mense rustig drankies ná ete of terwyl hulle vir 'n tafel wag en jy loop waarskynlik iemand raak wat jy ken. Gepekelde uie word bedien as versnapering en die etiket op die bottel lui: "Tannie Tik se Holbrand uie".

Ons rekening was net onder R65 vir twee maaltye, 'n slaai en 'n goeie bottel wyn.

As jy musiek geniet en nie 'n stil, romantiese aand wil deurbring nie, is die volgende aande volmaak: Vrydae: The Wilson Rowe Band met Mark Wilson en Mike Pete; Saterdae: Second Sight; Maandae: The Roaches, Pete Digby en Sneaky Pete.

fyn proe

deur nettie pikeur

Van Pere met Roquefort tot Cassata vir Krismis

ONS boeke is uitgepak, die gasstoof gekoppel, ons eet warm kos pleks van ewige brood en kaas en gedagtes begin dwaal oor Kersfees.

Die famous versengende hitte van Montagu het ons nog nie aangetas nie. Om die waarheid te sê, dis koel tot koud vroegoggend en wanneer die son smorens oor my heuwel opkom, voel die lug buite soos blou vonkelwyn wat oor jou stroom. Dis 'n plesier om vyfuur op te staan vir koffie op die stoep en te luister hoe die hane kraai. Of jy gaan stap en ervaar die beste rede waarom jy die stad vaarwel geroep het: om halfses in die oggend begin die dorp se groenteboere natlei en jy kan oor die draad gesels. As jy in Kaapstad halfses geselskap soek, kry jy moeilikheid, op straat of oor die telefoon.

Okay, okay, Miés Pikeur is starry-eyed oor die Klein Karoo en die nuwe ervaring, die plaaslike tekortkoming ten spyt. Vide: daar is net een slotmaker op die dorp en hy is met vakansie, daardie buitedeur gaan toestaan tot ná nuwejaar, jy kan nie vars aspersies of artisjokke, nou in seisoen, koop nie - hoewel Kaapse supermarkte moet bloos van skaamte oor die prys en gehalte van tamaties en uie. Die waterdruk bo in die Ou Dam waar ons woon, is nie na wens nie... maar die water self is so sag dat jy sukkel om seep af te was.
Wat kan lekkerder wees as om een oggend te gaan sit, ewe formeel met lys in die hand, en te vra "Wat van Kersfees?"

Hier het ons dus 'n spyskaart uitgewerk wat aan verskeie vereistes voldoen: dit gebruik die beste groentes en vrugte uit die Klein Karoo, berei met ongewone dinge soos Roquefort-kaas, en dit sal jou nie laat uitkis van vol op 'n hete somersdag nie.

Here we go:
Vir die voorgereg maak ons pere met Roquefort-kaas. Soos Mies Pikeur al vantevore gesê het, pere is nie van nature soet nie, en die skerp geur van bloukaas is net reg vir hulle.

Pere met Roquefort-kaas

Kies 6 ryp maar nog taamlik harde pere, skil en laat staan in 'n bak met suurlemoenwater sodat hulle nie verkleur nie. In 'n mengbak meng jy 75 g Roquefort of ander bloukaas soos jou pas, 100 g roomkaas, 'n bietjie melk vir glad maak, peper en 'n halwe teelepel fyngekapte pietersielie.

Sny die pere in die helfte deur, hol effens uit en vul met die kaasmengsel. Sit fraai voor op slaaiblare. Al die hoeveelhede kan sonder moeite na gelang van aanvraag aangepas word.

Maak ook 'n koue sop vir dié wat daarna voel. Dit verleen kleur en koelte aan die geleentheid.

Koue wortel- en lemoensop

Kap fyn een ui, en braai saggies met 10 jong geskraapte en gekapte worteltjies in 'n pot. Voeg by sowat 1 liter hoenderstock, en prut driekwartier tot die wortels papsag is. Druk die hele lot deur die menger (oppas vir spat) of vryf deur 'n grand Italiaanse sif tot jy 'n volmaakte room het.

Gooi alles in 'n pan, en roer dan die sap van vier lemoene asook die gerasperde skil by. Proe vir sout en peper, maak yskoud, en oorweeg dan 'n lepelvol suurroom, wat jou sop sal verkleur, of versier dalk met net 'n strooisel fyngesnipperde grasui.

Vrind Henry het hierdie massiewe pot kos vir 30 gaste gemaak en meen dis net die ding vir 'n besige Kersfees. Ek kap daarteen en sê dis te pedestrian, wie wil nou hoender hê, maar hy hou vol dis net reg vir massas voed en hulle is mal daaroor.

Hoenderpot met spinasie en rys

Ontbeen of koop ontbeen 2 stewige stukke hoenderborsies vir elke persoon. Gebruik die grootste swartpot wat jy het, sny die hoenderstukke in groter as bite-size, en pak net so onder in die pot met 6 gekapte uie, niks olie, nothing. Nou maak jy sowat 16 bosse spinasie skoon (come on, doen dit in 'n bad vol water, en sny die stele af), kap grof en pak bo-op die hoender. Tussenin sprinkel jy 3 groot plastiekflesse feta-kaas, sonder hul soutwater - asook peper en kruie na jou smaak.

Maak die pot boordens toe vol, die spinasie kan maar bo uitkruip, want alles sal afkook. Moenie sout bygooi nie (die feta is klaar sout) en ook nie enige water nie, die spinasie trek water. Plaas op die stoof en prut saggies vir sowat 4 uur, stirring every now and again. Dit maak 'n heerlike souserige stew, romerig van al die kaas, geurig van die suiwer groente, en dit skep jy uiteindelik vir jou gaste op met potte voel rys.

Wat kan makliker wees? Maak slaai, as jy wil, but that's adding green to green, sny liewer Montagu se lieflike klein stroopsoet tamatietjies op met komkommer en 'n skoot olyfolie en basiliekruid wat nou so lekker opkom.

Moenie skrik vir cassata vir poeding nie, en moet ook nie die winkelgoed gaan koop nie. Maak jou eie, easy as pie.

Cassata

Kry 'n groot Tupperware-bak by jou tannie, en voer dit uit met jou hande met 'n lagie goeie vanielje-roomys. Vries. Dis heerlike werk, morsig en soet. Haal die bak uit, smeer nog 'n lagie sjokolade-roomys in, vries weer, en maak intussen jou vulsel: kierang en koop soveel "cake mix" (sultanas, korente, rosyne ens) by die supermark as wat jy dink jy sal benodig, plus 'n pakkie of twee neute. Kap alles fyn, voeg by 'n sjerrieglas brandewyn en 'n sjerrieglas soet sjerrie, en vul die holte in die roomysbak daarmee tot dit vol is. As dit nie vol is nie, voeg nog roomys by, of gekapte vars vrugte soos appelkose, of nog cake mix.

Vries weer, minstens 6 uur of oornag. Haal uit die vrieskas 1 uur voor opskep, of druk sommer die bodem van die pan vir 2 sekondes in warm water.

Keer die briljante cassata uit op jou ouma se mooiste Krismisglasbak, en sny soos snytjies koek vir elkeen 'n stukkie.

Hierby kry almal 'n glasie soetwyn en drink op almal 'n geseënde Kersfees en vrolike Nuwejaar vol plesier en vrede.

VAKANSIE AKKOMODASIE

BESOEK GRIEKELAND: IN DIE HART VAN ATHENE, SYNTAGMA PLEIN,
HOTEL "LYCABETTUS" VALAURITOU 6, ATHENS.
TEL: (09301) 3633514/7 FAX: (09301) 3633518

brolloks & bittergal



Volkstaat-stories

Van een ding kan ons seker wees: as ons wel eendag 'n wit volkstaat kry, gaan dit nie lank wees nie of ons gaan volkstaat-grappe kry - soos die Hollanders met die Vlaminge spot, of die Engelse oor die Ierе, en almal oor die Pole.
Soos:

Daar's nie meer ys in die volkstaat nie. Die uitvinder is dood en het die resep saam met hom.

'n Volkstater het gehoor die meeste motorongelukke vind plaas binne 2 km van die huis. Toe trek hy.

Het jy die jongste volkstaat-grap gehoor?
Versigtig - ek is 'n volkstater!
Dis OK, ek sal dit stadig vertel.

Hoekom kos 'n volkstaat-woordeboek so min? Want dit is nie in alfabetiese volgorde nie.

Eerste volkstater: Het jy geweet 'n mens gebruik net 'n kwart van sy brein?
Tweede volkstater: So wat maak hy met die ander kwart?

Volkstaat-kind: Hoekom is jy op die pil, ouma?
Volkstaat-ouma: Want ek wil nie nog kleinkinders hê nie.

Wat is die verskil tussen 'n volkstaat-troue en 'n volkstaat-begrafnis? By die begrafnis is daar een dronkie minder.

Word wakker

Die Departement van Binnelandse Sake en die verskillende politieke partye spook nou al maande lank volstoom om reg te maak vir 27 April se groot verkiesing.

Maar ons gaan dalk verkiesing hou sonder dat iemand dit agterkom. Die SAUK is nou eers besig om wakker te skrik, en dit is te laat.

Buitelandse TV-netwerke beplan al maande lank vir die verkiesing, en het klaar hul spanne saamgestel, ateljees gehuur en verblyf en vervoer bespreek. Een Amerikaanse netwerk stuur glo altesame 160 mense vir die groot gebeurtenis. 'n Ander het al glo die helfte van die Carlton-hotel bespreek.

Die SAUK-base het eintlik eers agtergekom dat die komende verkiesing nie sommer net nog 'n ou wit verkiesinkie of 'n referendumpie gaan wees nie, toe buitelandse TV-mense wat nou SAUK-mense hier oplei, begin vrae vra.

Nou kom die SAUK agter hulle het nie eens 'n verkiesingsateljee nie - die beskikbare ateljees is glo aan buitelandse TV-spanne verhuur vir die verkiesing! Nou moet hulle kies of hulle van die ouditorium in die radiogebou moet uitsaai, wat duur veranderinge gaan noodsaak, of van die Wêreld-handelsentrum in Kemptonpark...

Soos hulle in die army sê: word wakker, word wakker, gister was swak, vandag is nog swakker. (Gesensureer - Red.)

Buitengewoon



Breyten B het al baie name gehad: BB Lazarus, Jan Blom, Galaska die Insypelaar, Buiten Buitengewoon, en so aan.

Wel, hy het pas 'n nuwe bygekry. Die beroemde Amerikaanse fotograaf Richard Avedon vertel in die jongste uitgawe van *Vogue* hoe hy sy verjaardagviering in Venesië moes kortknip "to photograph Brighton Breichtenback, a South African who worked against apartheid."

Die vreemde SA

Idasa se pas-afgelope konferensie oor Youth for Democracy, Peace and Reconstruction onlangs in Rustenburg het 'n paar interessante blikke op die mense en rolspelers van Suid-Afrika gegee.

- 'n SAW-kommandant het verklaar hy het meer gemeen met 'n MK-kaptein en 'n APLA-soldaat as wat hy met die "middelklas snotterige jeug van die DP" het.

- Apla- en SAW-afgevaardigdes het saam besluit dat die kleur van jou vel jou nie noodwendig 'n "settler" maak nie, maar jou "attitude". Dit was ook merkwaardig hoe die SAW, APLA en MK almal gewaarsku het oor hoe onnodig oorlog eintlik is.

- Toe Jaki Seroke van die PAC opstaan en na Carel Boshoff (senior) kyk en sê: "The only good settler is a dead settler", het 'n paar vreemde bedmaats opgestaan en die tafel verlaat - SAW, DP, ANC/SAKP, 'n arbeidskonsultant, MK en raai wie nog? *Vrye Weekbladse* (swart) verteenwoordiger, natuurlik.

  Inkatha wil niks met die ou of die nuwe Suid-Afrika te doen hê nie. Hulle is vasbeslote om vir soewereiniteit en hul eie koning te veg. Suid-Afrika het nog niks vir die Zoeloemense gedoen nie, sê hulle, en hulle sal liewers by die Gemenebes wil aansluit. Maar Britanje sal eers hier moet kom en vir hulle verduidelik wat met die Zoeloes se grond gebeur het voordat hulle by die Gemenebes sal aansluit.

- 'n Boodskap van die SAW aan APLA: "A leopard can change its spots. Look at us. Now stop being a roaring leopard with fangs bared, come on, it's time to become a domesticated pussycat!"

- Toe die konferensie in groepe opbreek om die stand van Suid-Afrikaanse politiek te bespreek, veral ná die 27 April verkiesings, sê die groep wat Apla, MK en die SAW insluit dat daar 'n noodtoestand verklaar moet word. "The ANC will have to clamp down. There will be many that won't like the results of the elections. We, as the military, will have to weed the bad guys from the good."

Idasa

Gepraat van Idasa: buiten die besonderse jeugkonferensie het Idasa nóg 'n spesiale ding gedoen hier teen die einde van die jaar: senior ANC-leiers en senior Afrikaner Volksfront-leiers sáám Europa toe gestuur om te gaan kyk hoe ander lande etnisiteit hanteer en of daar nie dalk realistiese idees vir 'n volkstaat is nie.

Suid-Afrikaners gaan nog 'n monument bou vir die Idasa-manne en die stil werk wat hulle die laaste jare gedoen het - beginnende by die veelbesproke Dakar-konferensie van 1987.

'n Mens hoop Idasa oorleef die uittrede van sy mede-stigter en uitvoerende hoof, Alex Boraine.

(Was dit nie toevallig nie dat Van Zyl Slabbert, wat destyds saam met Boraine uit die parlement padgegee het, weer saam met Boraine bedank het - in sy geval uit die SAUK-raad?)

Nog Aucklandpark

Die aanstelling van Zwelakhe Sisulu, baanbreker-joernalis, stigter-redakteur van *New Nation* en tans redakteur van *Sunday Nation*, as understudy vir die SAUK-grootbaas Wynand Harms is 'n goeie een.

Vir party redakteurs van alternatiewe koerante was die beloning toe die moeite werd - Ameen Akhalwaya, stigter-redakteur van *The Indicator*, is 'n baas van TV1 se *Agenda*. (As die redakteurs van die *Weekly Mail* en *Vrye Weekblad* ook nou nie wit was nie...)

Heelwat van die sleutelposisies in die SAUK word nou deur leiers in die swart gemeenskap beklee. 'n Mens hoop dié herstel van balans gaan binnekort daartoe lei dat die SAUK weer net meriete-aanstellings kan maak.

Noodlyn

Gehoor daar is 'n nuwe Dial-a-Prayer-telefoonlyn vir ateïste?
Jy bel, dan is daar nie antwoord nie.

En as die anti-rook-paranoia so aanhou...



Ja'k, dis 'n helse ent om te kom vir 'n dampie, maar dit was die moeite werd... (C Skilbeck/*The Cartoonist*)

EMMY AWARDS
For Jennifer, it is Absolutely Fabulous
British celebrate, page 3

GO PLACES
African adventure with 20% off
Holiday ideas, page 12

SIMON JENKINS
In praise of Sir Humphrey and his ilk
Making things work, page 18

THE TIMES

Die gin-barometer

Jy kan die Engelse uit die kolonies kry, maar jy kan nie kolonialisme uit die Engelse uit kry nie.

The Times, Londen se prestige-koerant, dra verlede week 'n reisartikel oor Zimbabwe. Dit begin só: "Zimbabwe, unlike large swathes of the rest of black Africa, passes the gin test." Die skrywer se probleem is dat 'n hotel in 'n ander buurstaat vir hom rietspiritus aangebied het toe hy vir jenewer gevra het. "Zimbabwe by contrast was refreshingly civilised," skryf die kêrel, want hulle het hom Gordon's en Schweppes aangebied.

Hier is sy gevolgtrekking: "We therefore awarded president Robert Mugabe top marks for shepherding his nation from illegal white minority rule to full independence without in the process destroying all that was good about it, as has happened so often elsewhere with tragic consequences."

laastesê

nou vir die ekonomiese revolusie

Regstelling sal seermaak, maar dis al manier om 'n gesonde ekonomie op dreef te kry, sê prof SAMPIE TERREBLANCHE, ekonoom van die Universiteit van Stellenbosch, aan Martie Meiring, maar hy troos ook: moontlik is die nag op sy donkerste net voor die daeraad breek

Almal praat van 'n kickstart aan die ekonomie. Hoe prakseer die land so 'n hupstoot?

Eers moet jy die siekte diagnoseer. Ons het naamlik ons ekonomiese huis nooit in orde gehou nie en sit nou met 'n vreeslike geskiedenis van skewe groei. Van 1934 tot 73 het die land 'n goue era beleef, ja - maar ten koste van die nie-wittes. In 1910 was die gaping in inkomste van die blankes en anderskleuriges kleiner as in 1970 ná 'n tyd toe die Bruto Binnelandse Produk met gemiddeld meer as 4 persent per jaar gestyg het. Daama het twintig maer jare gevolg toe die gemiddelde groeikoers van die BBP tot slegs 1,5 persent per jaar gedaal het. Die kruipende armoede het die blankes sleg geraak. Die meeste Asiërs, bruinmense en die boonste helfte van swartmense se posisie het wel verbeter, maar die onderste inkomstegroepe onder die swartes (die Black Outsiders) het baie verswak. Die blankes se bedingingsmag het van toe af ernstig verswak. Die swak prestasie van die ekonomie sedert 1974 hou ten nouste verband met die lang magstryd tussen die bourgeois establishment en die bevrydingsorganisasies - toe begin die ekonomiese boom sommer erg skeef groei.



Waar was die grootste skade?

Die potensiële groeikrag van die ekonomie is verswak deurdat te min aan swart onderwys gegee is. Die skewe groei van die ekonomie in 'n te kapitaalintensiewe rigting het in 1960 met Verwoerd begin toe hy 'n blanke ekonomie aan die suidpunt van Swart Afrika probeer bou het! Toe sê hy in 1969 die swartmens die struggle aan met beleidsmaatreëls waardeur kapitaal te goedkoop en swart arbeid ongeskoold beskikbaar gemaak is.

In die PW-Botha-era het die internasionalisering van die struggle die groeivermoë van die ekonomie op baie terreine ondermyn. Ná die skerp styging in die pryse van goud het swart lone in 'n vinniger tempo gestyg as die toename in produktiwiteit van die swart werkers. Dus, nog groter kapitaalintensiteit.

Deur Botha se "reform and repression"-beleid het die arbeidshervorming van 1978 swart vakbonde groter bedinginsmag gegee om lone te laat styg, wat tot groter strukturele werkloosheid gelei het. Ná 1970 het werkloosheid van 20 tot 50 persent gestyg.

Daarby het die begrotings vir Verdediging en voorkeure aan "strategiese nywerhede" (soos Sasol en Mosgas) nog meer kapitaalintensiteit gestimuleer.

Ná 1976 begin die ANC se isolasie-pogings teen Suid-Afrika slaag en die disinvesteringsprogramme kry 'n hupstoot met die groot uitvloei van buitelandse kapitaal ná die Rubicon-toespraak van PW Botha.

Toe word die groot ironie duidelik: kapitaalintensiteit met sy groot afhanklikheid van buitelandse kapitaal was die eintlike Achilleshiel van ons ekonomie!

Maar daar was tog ander faktore?

Saam met die "sukses" van disinvestering en binnelandse onstabiliteit en geweld wat ná die onderhandelings ontketen is, het die stootskraperagtige ekonomie gaan stilstaan. In 1990, 1991 en 1992 was die groeikoers van die BBP negatief!

Waar begin die genesing?

Minister Derek Keys kon byvoorbeeld, as simboliese gebaar van skulderkenning, in sy begroting vanjaar om sterk regstellende fiskale maatreëls gevra het ter wille van die "Black Outsiders".

Maar daar was goeie elemente in 1993: die Nasionale Ekonomiese Forum het op dreef gekom, baie van die wilde gerugte oor wat 'n ANC-regering met die ekonomie sou aanvang, is die nek ingeslaan en die instelling van die Oorgangsraad het dit vir alle lande ter wêreld moontlik gemaak om sankies op te hef.

Watter uitdagings lê nou voor?

Eerstens moet die BBP vanaf 1996 met minstens 3 persent groei. Daarvoor het ons, weens ons hoë kapitaalintensiteit en lae binnelandse besparing, tog meer buitelandse kapitaal nodig as wat ons sal kry. Dit kán ons verhelp deur meer uitvoer-gerig te raak, arbeidsintensiewe bedrywighede soos die bou van huise en makro- en mikro-ondernemings aan te pak.

Wat verwag jy van die 1994-begroting?

Verkieslik moet die nuwe minister van Finansies uit ANC-geledere kom - iemand wat vertroue in die sakesektor geniet. Die simboliese boodskap van sy begroting sal deurslaggewend wees. Hy sal enersyds die veramde massa hoop moet gee, en andersyds hul verwagtinge tot realistiese vlakke afskaal. Hy sal die ANC-regering se ekonomiese beleid goed moet vestig, en terselfertyd sal hy hoër offers van die superrykes moet vra ter wille van 'n langtermynprogram van regstellende maatreëls.

Is dit nie te veel gevra nie?

Ja. Maar as die blankes net hul mindset na wens kan verander om die nodige begrip en deernis vir en solidariteit met die armlastigheid, die sware lewenslot en die agtergeblewenheid van die meeste swartes kan openbaar, sal dit aan die ANC-regering daardie ruimte bied om die "ekonomiese revolusie" wat voorlê, deur te voer.

BREEK WEG NA JOU EIE PLEKKIE IN DIE NATUUR. GENIET 'N EKO-AVONTUUR* BY 17 VERSKILLENDE NASIONALE PARKE.



***DIS 'N EKO-LOGIESE AVONTUUR**
Jou kans om die mooiste natuurlike parke in die wêreld te geniet – reg op jou drumpel.

***DIS 'N EKO-NOMIESE AVONTUUR**
Pryse wat almal kan bekostig, en boonop regte waarde vir jou geld.

Net 'n handjievol mense in Suid-Afrika is bewus van die weergalose fauna en flora wat ons 17 Nasionale Parke bied. Hierdie parke is vir iedereen oop en kan deur almal bekostig word. En omdat die parke regoor die platteland versprei is, kan jy seker wees dat daar een net 'n paar uur van jou huis af is.
Elke park het sy eie kenmerkende persoonlikheid wat hom uniek maak en beslis meer as een besoek regverdig. Akkommodasie is in 11 van hierdie parke beskikbaar en jy kan kies tussen houthuise, chalets en gesinskothuise. (Geen oornagfasiliteite by Kransberg, Zuurberg, Knysna, Vaalbos, Richtersveld nie. Tankwa is tydelik gesluit.) Die Nasionale Parke van Suid-Afrika is jou tradisionele wilderfnis, en is ook die mooiste natuurlike tuiste van wildlewe in die wêreld.
Wanneer die hedendaagse lewe te veel druk, is 'n Eko-Avontuur in een van jou eie Nasionale Parke net die ding om jou weer in aanraking met die natuur te bring.

SENTRALE BESPREKINGS & NAVRAE: P.W.V. (012) 343-1991, KAAPSTAD (021) 22-2810

NASIONALE PARKE

Ontdek die Nasionale Parke wat aan jou behoort.

WILSENACH 920631/P/A/R

JOHN ROLFE

Amerika se Eerste Tabakplanter

In die geskiedryke jaar 1612, het John Rolfe in Jamestowne, Virginia, die eerste tabak geplant. Dié goue blare het Amerikaanse tabak wêreldwyd beroemd gemaak.

Ryk Smaakvolle Tabak

EDGEWORTH INC., RICHMOND, VA., V.S.A. Vars in Suid-Afrika vermeng.

JRK 193A